# Handleiding vir Leiers met Dagstukkies en Gespreksriglyne vir Omgeegroepe

## Jesus se geheime tot geluk

# Wat is dit om "geseënd" te wees?

Ons behandel in hierdie reeks 'n Bybelgedeelte wat alombekend staan as die "*saligsprekinge*". Nege keer hou Jesus in Matteus 5:3-11, die belofte van geseëndheid aan ons voor.

Die vraag is, wat bedoel Jesus met die woord "*geseënd*"? Roep die woord die regte assosiasie by ons op? Verstaan ons dit soos wat Jesus dit bedoel het?

Ons is geneig om die woord "*seën*" deesdae gelyk te stel aan voorspoed. Heimlik dink ons dat iemand wat *geseënd* is, geen terugslae beleef nie. Daar is nie in so 'n persoon se lewe dinge soos teëspoed, oormatige moeilikhede of ernstige siekte nie. In óns woordeboek is iemand wat probleemloos deur die lewe kan gaan, werklik geseënd!

Jesus se woordeboek lyk egter heelwat anders. Ja, bogenoemde aspekte kan soms tel as God se seën. Ons dank immers die Here vir ons materiële besittings en ons gesondheid. Maar dit is asof hierdie dinge op 'n sekondêre vlak lê. Vir Jesus lê "*geseëndheid*" op 'n dieper vlak.

In Grieks gebruik Jesus die woord "*makarios*" wanneer Hy oor "*seën*" praat. Die beste wat ons die betekenis van hierdie woord kan weergee, is om te sê dat dit die geluk is wat jy beleef as jy wéét dat jy die guns van God geniet. Hierdie guns van God word egter nie gemeet aan materiële welvaart nie, maar aan geestelike welstand. As jy 'n geestelike welstand voor God het, leef jy met die vrede dat God jou lewe goedkeur.

Ons wat Jesus as Verlosser aangeneem het, leef met die addisionele blye wete dat die Here se goedkeuring oor ons, blywend is. Hy is immers met jou tevrede – nie oor wat jý gedoen het nie – maar oor wat Jésus gedoen het. Die geluk wat hieruit vloei is dus nie so wisselvallig soos die soort geluk wat gebou is op die Johannesburgse aandelebeurs nie. Nee, dit is 'n onwankelbare geluk geskoei op God se onveranderlike tevredenheid met jou – te danke aan Jesus.

In kort kom die wêreld se definisie van geseëndheid dus neer op 'n soort oppervlakkige, tydelike geluk wat afhang van eksterne omstandighede. Daarteenoor is die seën waarvan Jesus praat, 'n diepgaande geluk geanker in die innerlike vrede wat jy in jou verhouding met die Here beleef.

# Medewerkers aan die reeks

Gerrie Doyer (fasiliteerder)
André Greyling
Andreas van Rooyen
Anselmo Vilanculo
Antoinette Bester
Charles du Preez
Corneil du Plessis
Eddie le Roux
Eliska Muller
Erik Krikke
Francois Kruger
Freddie Prozesky
Freddie Steenkamp
Hannes de Kock
Johannes van der Merwe
John en Michele Evans
Jurgens de Jager
Leanie Erasmus
Marius Swart
Nati Stander
Sheila Richards
Sheryl Watson
Tanja van Niekerk
Tim Watson

# <u>Wat is die betekenis van ons embleem?</u>

In hierdie reeks bestudeer ons Jesus se saligsprekinge. Dit wat Jesus vir sy volgelinge geleer het, was lynreg teen die norm wat in die kultuur gegeld het – en dit is niks minder vreemd in ons dag en tyd nie. Die wyshede wat Hy vir sy volgelinge geleer het, was dus nie algemene kennis nie. Dit was paradokse wat niemand ooit sou kon raai om waar te wees nie! Tog hou elke saligspreking ‘n belofte van geluk in – vandaar die titel van die reeks: “*Jesus se geheime tot geluk*”.

In ons embleem kan jy twee prominente motiewe identifiseer: die berg en die reënboog. Al twee is vir ons van besondere betekenis.

Die saligsprekinge is nie ‘n versameling van losstaande spitsvondige opmerkings deur Jesus nie. Dit is inderwaarheid die inleiding tot die heel beste preek wat nog ooit gepreek is! Dit vorm deel van Jesus se bergpredikasie. Vandaar die berg in ons embleem.

Die reënboog is gekies omdat dit geluk simboliseer. Dit roep allerlei goeie assosiasies by ‘n mens op. Waarskynlik is die eerste gedagte wat by mens opkom, God se belofte van trou aan Noag. Vir die vroeë Kerk was die reënboog ‘n simbool van God se guns. Ons lees in hulle preke van ouds, dat ‘n reënboog hulle laat dink het aan ‘n boogskutter se boog wat opgehang is. Die vroeë Kerk het gesê dat God die volste reg gehad het om die mens te straf, maar dat die verhaal van Noag ons leer dat God sy boog opgehang het. Hierdie “vrede” wat God teenoor die mens verklaar het, is natuurlik op ‘n unieke manier nog verder deur die dood van Jesus vervul en verskerp! Te danke aan Jesus, het God sy “*boog opgehang*” en kan ons sy vrede guns beleef. Die reënboog simboliseer dus vir Christene geluk in die hoogste graad!

Baie is ook al geskryf oor die agt kleure van die reënboog: pers, indigo, blou, groen, geel, oranje, rooi en transparant. Die kleur rooi roep byvoorbeeld onwillekeurig die gedagte van God se versoening op. Pers wek weer by ons die besef van koninklikheid op. Groen simboliseer byna altyd nuwe lewe...

Maar die hoofgedagte agter die agt kleure, was dat die saligsprekinge uit 8 eenhede bestaan. Ons gaan vir agt weke lank elkeen afsonderlik bestudeer. Saam vorm dit ‘n geheelprent wat lewensveranderend is!

Mag jy baie seën uit hierdie reeks put!

# 'n Reeks om gelukkig te lewe

## Geheim 1
Gelukkig in nederige afhanklikheid

## Geheim 2
Gelukkig as jy treur

## Geheim 3
Gelukkige sagmoediges

## Geheim 4
Gelukkig! Want jy honger en dors na wat reg is



## Geheim 5
Gelukkig in 'n barmhartige leefwyse

## Geheim 6
Gelukkig met 'n rein hart

## Geheim 7
Gelukkige vredemakers

## Geheim 8
Gelukkig om vervolg te word

# Sleutels as julle hierdie sien, moet die groep:

| | | |
|---|---|---|
|  | Mens tot Mens | Hoor hoe dit met mekaar gaan deur die vrae te beantwoord |
|  | Mens tot God | Tyd om God te loof en te prys en sy Naam groot te maak |
|  | God tot Mens | Vind as groep uit wat God vir julle sê |
|  | Skriflesing | Tyd om die Woord te lees. Bid saam dat God die Woord sal oopmaak |
|  | Vrae | Ons leer die Woord beter ken deur vrae te bespreek |
|  | Mens tot Medemens | Nou is dit tyd om te bid en mekaar te seën vir die week wat kom |

"Hy wat in geluk glo, besit geluk."
Gebbel

*"Moenie dink ek is ongelukkig nie. Wat is geluk en ongelukkigheid? Dit het so min met omstandighede te make. Geluk het eintlik net te doen met dit wat binne-in mens gebeur."*

*~ Dietrich Bonhoeffer ~*

Dagsê liewe Vriende!

Jy maak 'n boekie oop wat jou lewe kan verander. Ons sê dit nie ligtelik nie. Elkeen van die span wat hieraan gewerk het, vertel dat God self deur hierdie Jesus-waarhede iets nuuts in hulle lewens oopgesluit het.

Sien, die Here wil hê jy moet uitermate geseënd, gelukkig (makarios) wees. Ongelukkig soek die meeste mense dit in die verkeerde rigting.

Jesus het op 'n berg geklim, sy mense nader geroep en hierdie Goddelike geheime tot geluk met hulle gedeel.

Jy kan daardie seën baie ryklik in jou lewe beleef. Kom saam! Leer wat dit beteken en leef dit uit.

Dit kan jou lewe verander.

Seëngroete!
Die hele span medewerkers

# Geheim 1

# Gelukkig in nederige afhanklikheid



Matteus 5:3 praat van “arm van gees”.  Dit word ook vertaal met “afhanklik van God”.  Wat is jou definisie van arm van gees of afhanklik wees?

Waar sou jy die volgende persone op ’n skaal van 0 - 10 plaas t.o.v. die eienskap arm van gees, waar 0 op iemand wat heeltemal onafhanklik en selfgedrewe  dui en 10 volledig afhanklik van God is, dui?

| Persoon | Agtergrond | Punt |
|---|---|---|
| Moeder Teresa | Het die armstes van Indië bearbei | |
| Donald Trump | Bekend vir “The Appren-tice” | |
| Karwag op straat | | |
| Jyself | | |

Bespreek jou punte-indeling met die groep.

Daar is nie ’n regte of verkeerde antwoord nie, dit is net om bespreking oor wat werklik bedoel word met “armes van gees” / nederige afhanklikheid, oop te maak.

Waarna (dink jy) soek God in ’n mens?



Loof God met lofsang. Kies liedere wat Sy Naam verheerlik en nederigheid uitdruk.



Kyk na die DVD.
Wat dink jy bedoel God met die armes van gees?

Lees Handelinge 9:1 – 22.  Laat verskillende groeplede die verhalende gedeelte, Jesus se stem, Paulus en Ananias s’n, asook die “almal” van :21 lees.



1 Intussen het Saulus soos ‘n besetene voortgegaan om
die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het
na die hoëpriester toe gegaan 2 en van hom
bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus
gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van
die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens,
gevange te neem en na Jerusalem toe te bring. 3 Toe hy op
reis naby Damaskus kom, het daar skielik ‘n lig uit die
hemel op hom gestraal. 4 Hy het op die grond neergeval
en ‘n stem vir hom hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg
jy My?" 5 "Wie is U, Here?" vra hy toe. "Ek is Jesus,"
antwoord Hy. "Dit is vir My wat jy vervolg. 6 Maar staan
op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word
wat jy moet doen." 7 Die mense wat saam met hom op pad
was, het sprakeloos gestaan. Hulle het die stem gehoor
maar niemand gesien nie. 8 Toe Saulus van die grond af
opstaan en sy oë oopmaak, kon hy nie sien nie. Hulle het
sy hand gevat en hom na Damaskus toe gelei. 9 Drie dae
lank kon hy nie sien nie en het hy niks geëet of gedrink
nie. 10 In Damaskus was daar ‘n sekere volgeling van
Jesus met die naam Ananias. Die Here het hom in ‘n
gesig geroep: "Ananias!" "Hier is ek, Here," het hy
geantwoord. 11 En die Here sê vir hom: "Gaan dadelik na
Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na ‘n man van
Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid 12 en hy
het in ‘n gesig ‘n man met die naam Ananias sien inkom
wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien."
13 Maar Ananias sê: "Here, ek het al by baie mense van
hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense
wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het. 14 En nou is hy
hier met volmag van die priesterhoofde om almal gevange
te neem wat u Naam aanroep. 15 Toe sê die Here vir hom:
"Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my werktuig
om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle
konings en ook onder Israel. 16 Ek self sal vir hom wys
hoeveel hy vir my Naam moet ly." 17 Ananias het toe
gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus die



hande opgelê en gesê: "Saul, broer, die Here Jesus wat
aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my
na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die
Heilige Gees vervul kan word." 18 Onmiddellik het daar iets
soos skille van Saulus se oë afgeval en kon hy weer sien.
Toe het hy opgestaan en hy is gedoop; 19 en hy het geëet
en sy kragte herwin. Saulus het ‘n paar dae daar by die
gelowiges in Damaskus gebly 20 en dadelik in die
sinagoges begin verkondig dat Jesus die Seun van God
is. 21 Almal wat dit gehoor het, was verbaas en het gesê:
"Is dit nie die man wat in Jerusalem die mense wat hierdie
Naam aanroep, wou uitroei nie? En het hy nie ook
hierheen gekom om hulle gevange te neem en voor die
priesterhoofde te bring nie?" 22 Maar Saulus het al hoe
kragtiger gepreek en die Jode wat in Damaskus woon, in
die war gebring deur te bewys dat Jesus die Christus is.



1. Na aanleiding van die bostaande teksgedeelte: Wat was die draaipunt van Paulus se lewe? Hoe kan ons seker wees dat dit ’n werklike ervaring was en dat sy hart verander het?

   Die persoonlike ontmoeting met Jesus op die Damaskuspad. Alles het verander. Die doel van sy lewe, wie hy as vyand gesien het, sy verstaan van God. Sy optrede terug in Jerusalem is die sterkste getuienis van sy hartsverandering.
2. Lees Filippense 3:5 - 6.

5 ek is op die agste dag besny, van geboorte ‘n Israeliet,
uit die stam Benjamin, ‘n egte Hebreër, in wetsopvatting
was ek ‘n Fariseër, 6 in my ywer ‘n vervolger van die kerk,
in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te
kry, onberispelik.

Wat sê Paulus oor sy herkoms? Was dit vir hom rede om trots te wees of ’n struikelblok? (Hy het regtig begeer om God se wil te doen, maar hy is mislei.)

Dit was vroeër sy redes vir roem, maar later het hy besef hoe dit hom benadeel het.



Is daar enige menslike tradisies wat jy gevolg het om God trots te maak, net om later uit te vind dit het meer oor jou as oor Hom gegaan? Vertel.

Geleentheid vir getuienis. Selfs kerktradisies kan 'n struikelblok word.

3. Het jy al 'n lewensveranderende ontmoeting met Jesus gehad? Deel jou ervaring met die ander in die groep.

   Lekker kans vir getuienis!

4. Paulus se ontmoeting met Jesus was regtig lewensveranderend, in so 'n mate dat hy jare later kon sê:

   Filippense 4:12 - 13

12 Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is;
van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet
sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om
gebrek te ly. 13 Ek is tot alles in staat deur Hom wat my
krag gee.

Wat sê hierdie gedeelte vir jou oor nederige afhanklikheid?

Hy het verander van 'n selfgedrewe, trotse Fariseër tot 'n nederige, tevrede kneg van die Here.

Ken jy mense wat nog nie vir Jesus ken of Hom die Middelpunt van hulle bestaan gemaak het nie? Indien wel, skryf hulle name hieronder en bid dat hulle 'n werklike ontmoeting met Hom sal hê. Vra vir God hoe jy teenoor hulle van Jesus kan getuig.

Gee genoeg kans vir stilte, nadink en gebed.



Sluit af deur twee-twee na mekaar te draai en vir mekaar te bid.

Dag 1
Maandag

# Nebukadneser - Lippetaal

## Daniël 4:13-18 & :28-31

’n Akteur is eendag gevra om Psalm 23, “Die Here is my herder”, voor te dra. Hy het dit foutloos gedoen. Sy uitspraak was perfek en die ritme van sy stem het almal laat hande klap.
’n Ou priester was ook teenwoordig en hy is ook gevra om Psalm 23 voor te dra. Ouderdom het sy stem swak gemaak en dit laat kraak; tog het sy woorde ’n roerende effek gehad op almal wat dit gehoor het. Weer eens het almal hande geklap, maar dié keer was dit ’n staande applous.
Een van die gaste kon dit nie verstaan nie en het aan sy vriend gevra: *”Waarom het ons vir die priester ’n staande applous gegee? Die akteur het dit tog baie beter voorgedra.” “Jy sien,”* was die antwoord, *“die een het die Psalm oor die herder geken en die ander een het die Herder van die Psalm geken.”*

Nebukadneser het van God geweet. Wanneer dinge gebeur het soos hy dit wou hê, het hy die God van Daniël (2:47; 3:28) geprys, maar hy wou nie sy sonde prysgee nie (4:27).
Dit was eers na sewe jaar se waansinnigheid dat sy gees nederig geword en hy God werklik geloof het. Toe was dit nie meer blote woorde nie, maar ’n  persoonlike getuienis (4:37).

**Gebed:** Here, help my om nie arrogant te wees nie en laat my gedagtes en dade U werklik eer bring. Amen

Dag 2
Dinsdag

# Ek dog ek ken Hom

Spreuke 16:18

Jesus sê vir sy dissipels dat hulle Hom almal gaan verlaat. Petrus verseker Jesus dat hý dit nooit sal doen nie. Petrus het sover gegaan as om te sê dat hy sy lewe vir Hom sal prysgee. Ek is seker dat Petrus opreg was toe hy hierdie woorde geuiter het. Die probleem was dat Petrus vanuit sy trots gepraat het, omdat hy in sy eie vermoëns geglo het. Klink dit bekend?

Die toets kom toe in die voorhof van die hoëpriester. Hy word herken as een van Jesus se volgelinge terwyl Jesus ondervra word. Die vrees oor wat die mense moontlik sal doen, oorweldig hom en hy ontken dat hy 'n volgeling van Jesus is.

Die eerste keer direk, die tweede keer met 'n eed en die derde keer deur te vloek. Toe kraai die haan en alles wat Jesus hom vertel het, gebeur. Nog erger, Jesus sien hom op daardie oomblik raak. Petrus vlug en huil, 'n gebroke man; hy voel dat hy misluk het. Dit is eers toe dat hy besef hóé afhanklik hy van Jesus is.

Verbasend genoeg, is dit juis sy gebrokenheid wat hom vir sy herstel deur Jesus voorberei het. Drie maal verloën Petrus Hom en drie maal herstel Jesus hom in sy amp deur hom die opdrag te gee om na sy skape om te sien. (Johannes 21:15 en verder)

Soos Petrus is ons gereeld daarvan oortuig dat ons alles sélf kan doen en niemand anders nodig het nie. Moenie wag dat jy eers misluk voordat jy besef dat jy van Jesus afhanklik is en Sy teenwoordigheid, in elke aspek van jou lewe nodig het nie.

**Gebed:** Jesus, vergewe my my trots en valse vertroue in my eie vermoëns. Vandag wil ek nederig my vertroue in U en u vermoëns plaas. Help my om 'n lewe te leef wat U sal eer. Amen

Dag 3
Woensdag

# Geestelike hoogmoed

Lukas 18:9-14

Vreugde is nie bloot 'n emosie oor hoe jy voel nie en het nie veel met jou selfbeeld te doen nie. Dit is nie 'n reeks persoonlike hoogtepunte nie. Dit is ook nie wanneer jy sekere gelowige rituele nakom nie. Vreugde is om jouself in God gewortel te hou. Die mens is sondig en God is volkome heilig. Om dit te verstaan, is die begin van 'n gesonde verhouding met God.

Dit plaas ons in konteks. Indien ons vergeet dat ons sondig is, gee dit ons 'n valse trots op wie ons is en wat ons kan doen.

Die Fariseër was só seker van homself, want hy steel nie, hy pleeg nie egbreuk nie en anders as die tollenaars, gee hy sy tiende en vas hy twee keer per week.

Teenoor hom staan daar 'n tollenaar, 'n man wat oorweldig en gebroke voel oor sy sonde; hy voel nie eers goed genoeg om na die hemel te kyk of by God se tempel in te gaan nie. Hy staan ver weg, hy lig nie sy sondige hande in lof nie, maar slaan op sy bors en roep om God se genade en vergifnis.

Jesus vertel dat hierdie man by God guns gekry het en vergewe is, terwyl die trotse man verwerp is.

**Gebed:** Liewe Heer, dankie dat ek na U toe kan kom net soos ek is. Gee my 'n nederige gees in alles wat ek doen waar ek ook al mag gaan. In Jesus se Naam. Amen

Dag 4
Donderdag

# Egbreker op heter daad betrap

Johannes 8:3-11 & :28-31

'n Vrou word op heter daad betrap terwyl sy egbreuk gepleeg het. 'n Mens wonder wat sou gebeur het indien sy nie teen haar wil voor Christus gebring is nie. Sou sy net kon wegglip en aangaan met haar lewe met die skuldgevoel en verwerping van die gemeenskap? Vasgevang in die web van die sonde, sonder enige hoop om vry te raak.

Wat was haar storie? Wat het met haar gebeur? Dit kon tog nie maar net gebeur het nie. Dalk sou die mense wat haar voor Hom gebring het, haar verbaal aangeval en gestenig het, met die gedagte dat hulle geregverdig in hulle optrede is.

Toe ontmoet sy vir Jesus. Hy buk af en skryf in die sand. Hy sien die motief in elkeen wat teenwoordig is se hart. Wat het Hy in haar hart gesien wat Hom laat besluit het om eerder genade aan haar te betoon? Sy het die dood in die gesig gestaar en daar 'n ontmoeting met Jesus gehad en die lewe gevind.

Indien jy voel dat jy geen hoop het nie, en dat jy vasgekeer met jou rug teen die muur is, kyk na Jesus – Hy is die enigste Weg na die lewe; die volle lewe.

**Gebed:** Heer Jesus, U ken my gedagtes, my vrese, my sondes en my skande. Ek gee dit alles vandag vir U en vra U: Vergewe my en maak my weer rein. Ek wil U as Heer van my lewe hê en wil in U weë wandel. Amen

Dag 5
Vrydag

# Onwaardig

## Jeremia 1:4-19 en 15:16

Jeremia was ongeveer 17 jaar oud toe God vir die eerste keer met hom gepraat en hom geroep het om as profeet op te tree. Hy was sensitief, skaam en baie senuweeagtig. Omdat profete dikwels 'n moeilike boodskap moes oordra, was hulle nie so baie gewild nie. Jeremia het nie waardig gevoel vir sy taak nie.

Iemand het op 'n keer gesê dat as jou taak nie vir jou té groot is nie, kom dit nie van God af nie. Jeremia was eerlik en het sy onwaardigheid aan God kom blootlê. God het hom gerusgestel: Selfs al is die taak moeilik, sal Hy, die almagtige God, mét hom wees. Aan die einde van die hoofstuk beaam God die boodskap.

Jesus het ons gestuur om dissipels van al die nasies te maak. Nou bemoedig Hy ons in hierdie moeilike taak deur ons te verseker dat Hy altyd met ons sal wees.

Jeremia getuig later van sy geheime vreugde: "U het met my gepraat en ek het na elke woord geluister. Ek behoort aan U, Heer, en u woorde vul my hart met blydskap."

Dalk voel jy onwaardig. Die meeste van ons voel soms so! Dit verg dapperheid om die taak wat die Here jou opgelê het, uit te voer.

**Gebed:** Vader, dit vul my hart met vreugde omdat ek weet dat ek aan U behoort. Ek weet ook dat U my sal versterk en bystaan ongeag wat ek in die lewe mag ervaar. In Jesus se kosbare Naam. Amen

Dag 6
Saterdag

# Aanvaar ten spyte van...

Lukas 7:36-50

Die vrou (waarskynlik 'n prostituut) het haar eie sonde besef en as gevolg van Jesus se boodskap van bekering en liefde verander. Sy het baie oortredinge gehad, maar het werklike berou getoon deur Jesus in liefde en met trane te bedien.
Sy het 'n groot kans gewaag omdat ander geweet het wie sy was en hoeveel die geskenk wat sy aan Jesus gegee het, werd was. Hulle kon allerhande dinge dink. Sy het net op Jesus gefokus, nie op wat die mense kon dink nie. Ten spyte daarvan dat Jesus alles van haar geweet het, het Hy haar nie weggestuur nie, maar haar eerbetoning onvoorwaardelik aanvaar. Hy bevestig sy aanvaarding deur haar sonde te vergewe.
Wat 'n wonderlike beeld van Jesus se genade en bereidwilligheid om ons elkeen te vergeef indien ons ons bloot van ons sonde bekeer en bewys dat ons vir Hom lief is.

**Gebed**: Heer Jesus, dankie vir u ongelooflike liefde, help my asseblief om die sondes in my lewe raak te sien sodat ek dit kan bely en van U vergifnis kan ontvang.  Amen

# Geheim 2 Gelukkig as ek treur



- Vertel van 'n tyd toe jy hartseer was. Wat het gebeur? Wat het jy gevoel?
- Was jy al hartseer oor sonde? Dalk in jou eie lewe?

  Laat elkeen deel van groep wees, deur te minste by een van die vrae iets te sê. Pasop om te lank by die alledaagse gebeure van elkeen stil te staan. Laat die emosie van hartseer/droefheid seëvier in die gesprek. Moenie bang wees vir trane nie. Hanteer elkeen se emosie met respek.

  Lê klem op die laaste vraag – dit kom veral ter sprake in vandag se studie. Moenie nou al ingaan op die gevolge, bedoeling of intensiteit van die hartseer oor die sonde nie.



- Sing 'n paar liedere saam en laat een of meer in die groep bid oor die hartseer wat in die groep genoem is.
- Deel met mekaar 'n vers of twee van troos in hartseertye, byvoorbeeld Jesaja 41:10 en Openbaring 21:3 en 4.

  Die ideaal is dat almal of soveel moontlik mense sal saam sing, of iets sal sê oor die Bybel of oor God en ook sal saam bid. Kry liedere wat hierdie tema van droefheid/ hartseer/ trane aanspreek en wat God se troos vir jou is. Dink aan "Wees stil en weet…"

Kyk na die DVD-inleiding.



Lees: 2 Korintiërs 7:2-16

**Agtergrond**



Die gemeente in Korinte was een van Paulus se moeilikste gemeentes. Hulle het hom baie kopsere besorg. Hy skryf aan hulle 'n sogenaamde "Trane-brief" wat ons vandag nie meer besit nie - 'n brief waarin hy hulle nogal aangevat het. Die reaksie van die lidmate van hierdie gemeente word in hierdie perikoop beskryf en dan ook Paulus se gevoel daaroor.

2 Maak vir ons plek in julle harte. Ons het niemand onreg
aangedoen nie, ons het niemand benadeel nie, ons het niemand
uitgebuit nie. 3 Ek sê dit nie om julle te beskuldig nie; ek het tog
al vantevore gesê dat julle in ons harte is om mee saam te lewe
en te sterwe. 4 Ek is baie openhartig met julle; ek is ook baie
trots op julle. In al ons sorge is ek vol moed en oorstelp van
blydskap. 5 Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of



duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorge. [6] Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus, [7] en nie net deur sy koms nie, maar ook omdat julle hom opgebeur het. Hy het vertel van julle begeerte om ons te sien, en dat julle jammer is oor wat gebeur het en my nou ywerig verdedig. Dit alles het my nog blyer gemaak. [8] Al het ek julle ook deur my brief hartseer gemaak, is ek nou nie daaroor jammer nie. Miskien was ek tog jammer toe ek sien dat daardie brief julle hartseer gemaak het, al was dit net vir 'n kort rukkie. [9] Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê. Ons het julle dus in geen opsig benadeel nie, [10] want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood. [11] Kyk net wat die ervaring van droefheid volgens die wil van God aan julle gedoen het. Nou is daar by julle erns; meer nog, daar is verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die kwaad. In elke opsig het julle bewys dat julle in hierdie saak onskuldig is. [12] Dus, al het ek so aan julle geskrywe, was dit nie omdat iemand onreg gepleeg of onreg gely het nie. Inteendeel, ek wou hê dat julle voor God tot die besef moes kom van hoeveel julle vir ons omgee. [13] Juis daarom is ons nou so bly. Ons is nie net bemoedig nie, maar ook besonder bly dat Titus so gelukkig is: julle almal het hom gemoedsrus gegee. [14] Ek het by hom 'n bietjie met julle gespog, en julle het my nie teleurgestel nie. Soos ons altyd die waarheid met julle gepraat het, so blyk dit nou dat dit ook die waarheid was toe ons by Titus met julle gespog het. [15] En sy toegeneentheid teenoor julle word al sterker as hy daaraan dink hoe julle almal gehoorsaam was en hoe julle hom met eerbied en ontsag ontvang het. [16] Ek is baie bly dat ek in elke opsig op julle kan reken.



(Enige vertaling kan in die groep gelees word. Die vertaling waarmee die groep gemaklik is. Lees ook eerste die agtergrond oor hierdie teks. Die teksvers vir hierdie studie is :10.)

1. Wat het jou getref in hierdie hele gelese gedeelte?

   Die doel met hierdie vraag is om sommer net weer na die teks te kyk vanuit elkeen se hoek.



2. Gesels met mekaar oor die twee soorte droefheid en berou wat ons in :10 kry. Kan julle voorbeelde daarvan noem waarmee julle al te doen gekry het?

   Die doel is dat die groepslede nou meer introspeksie sal doen oor hul eie lewe.

   Laat elkeen eers 'n antwoord gee oor wat hy/sy dink die Here vir hom/haar hier sê.

3. In die DVD-inleiding is daar twee Bybelse voorbeelde genoem: Petrus en Judas. Kyk en bespreek onder watter een van die twee die volgende val:

Nehemia 1:6

6 luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid. "Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig.

Genesis 4:2 - 7

2 Sy het weer 'n kind gekry, Abel, 'n broer vir Kain. Abel was 'n
veeboer en Kain 'n saaiboer. 3 Na verloop van tyd het Kain van
die opbrengs van die land 'n offer aan die Here gebring. 4 Abel
het dit ook gedoen, van die eerstelinge uit sy kudde, van hulle
vet. Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, 5 maar nie vir
Kain en sy offer nie. Kain het baie kwaad geword en hy was
bedruk. 6 Toe sê die Here vir Kain: "Waarom is jy kwaad? Waarom
is jy bedruk? 7 Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie?
As jy nie goed doen nie - die sonde wag jou in daarbuite en hy
wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers."

2 Samuel 12:13

13 Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen die Here." En Natan sê vir hom: "Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie."

Psalm 51:1 - 7

1 Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan 2
dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel
met Batseba. 3 Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis
my oortredings uit in u groot barmhartigheid! 4 Was my skoon van
my skuld, reinig my van my sonde! 5 Ja, my oortredings ken ek en
van my sonde bly ek altyd bewus. 6 Teen U alleen het ek
gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is
dus reg en u oordeel regverdig. 7 Ek was al skuldig toe ek gebore



is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het.

Lukas 15:17 - 20

17 "Toe kom hy tot inkeer en sê: 'My pa het wie weet hoeveel
dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek
van die honger. 18 Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir
hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! 19 Ek is nie
meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my
soos een van Pa se dagloners.' 20 En hy het sonder versuim na sy
pa toe teruggegaan. "Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al
gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet,
omhels hom en soen hom.

Lees dan as leier ook aan die groep die volgende verklaring van :10. Die vers het die vorm van 'n algemene spreuk waarin 'n waarheid geformuleer word wat by Christene bekend behoort te wees. Daar is twee soorte droefheid: Dit kan in so 'n mate ooreenstem dat dit moeilik onderskei kan word. Tog het hulle 'n teenoorgestelde uitwerking. Eers is daar die droefheid volgens die wil van God. Dit is die droefheid wat Hy self in die hart tot stand bring, en wat daarom ook na sy welbehae is. Hy wend dit aan om die sondaar tot bekering te lei, en dié bekering is "onberoulik," d.w.s. iets waaroor 'n mens nimmer spyt sal kry nie. Voorts lei dit tot redding van sonde en dood en loop dit uit op die ewige geluksaligheid. Nie almal wat in die Bybel gesê het "Ek het gesondig.." het werklik 'n berou gehad oor hulle sondes nie. Diegene wat wel dit betoon het, was onder andere: Dawid, Nehemia, Job, Miga, die verlore seun en Petrus. Daarteenoor is daar die droefheid van die wêreld, d.w.s. 'n droefheid wat in die wêreld aangetref word, van die wêreld sy karakter kry, en ook niks verder lei as die wêreld nie. Dit is die oppervlakkige berou oor dinge wat verkeerd gedoen is en daarom geen wêreldse voordeel bring nie, maar dit word nooit 'n berou oor die sonde as sodanig nie. Voorbeelde hiervan is: Kain en Judas. Hierdie droefheid loop uit op die dood. Letterlik staan daar: dit werk iemand afwaarts na die dood.

4. Wat het jy uit die verse vir jou eie lewe geleer?
   Lekker geleentheid om dit persoonlik toe te pas.
5. Daar is ook ander redes hoekom mense treur. Watter voorbeelde kan julle noem?
   Verlies, soos rousmart, egskeiding of vervreemding tussen ouers en kinders of vriende. Ook ander vorme van verlies: 'n ledemaat, ouderdom, verhuising, trauma…



6. Op watter maniere kan seerkry ook groei beteken?
   By hierdie vraag kan daar gerus oor die verskillende trane/ hartseer/droefheid van die lewe gepraat word. Hier kan gewys word op Romeine 8:28 en ander verse in die Bybel oor beproewings soos 1 Petrus 1:3-16 en Jakobus 1:2-8. God het 'n doel met alles. Daarby weet ons ook dat in hierdie swaarkry of beproewings die Here ons nooit verlaat nie.
   Hy is saam met my in my trane/hartseer/droefheid (Jesaja 43:1-5) Daar is vele ander verse in die Bybel wat daarop wys dat trane/hartseer/droefheid nie net sleg is nie. Die praktyk van die lewe bewys dit ook.
7. Watter belofte is daar vir treurendes in Matteus 5:4?
   Ons sal vertroos word!
8. Waar en wanneer gebeur dit?
   Hoe troos die Here ons vandag? Vertel hoe jy dit al beleef het.
   Deur mense, deur sy Gees, deur sy Woord. Kans vir getuienis!
   Wat beteken "ewige troos" vir ons? Kyk Openbaring 21:4.
   Daar gaan 'n dag van volkome vrede en heling aanbreek. Gee genoeg tyd dat mense hulle toekomsverwagtinge oor die ewige lewe kan uitspreek.
9. Skryf nou jou eie eenvoudige besluit oor wat jy vandag in die bespreking geleer het, hier neer.
   Gee rustig tyd vir elkeen om stil te word en dit te skryf. Dit is nie jou laaste kans om dit te skryf ne, maar dit is wat die Here nou, hier, op jou hart lê.



☺ Dink aan mense wat tans in sonde lewe. Bid dat hulle egte berou en droefheid daaroor sal hê.

☺ Doen nou ons ook voorbidding vir mense wat deur ander vorme van hartseer geraak word. Wie lê die Here op jou hart?

Hierdie is die afsluiting van die geleentheid. Dit kan goed wees dat jy as leier alles van die geleentheid saamvat en geleentheid gee om te bid oor die trane/hartseer/droefheid wat by iemand in die groep heers of by ander kennisse.

Dag 7
Maandag

# Om te treur...

Matteus 5:4

In die kortverhaal van J. van Melle, *"Oom Diederik leer om te huil"* droom oom Diederik dat hy is in die hemel is en dan word hy teruggestuur sodat hy kan leer om te huil oor die nood van sy naaste. Meestal leef ons veels te onsensitief. Ons sien nie nood raak nie, of liewers, ons wíl dit nie raaksien nie. Ek en jy loop dikwels ver langs verby. Ons wil nie betrokke raak nie. Ons wil die minimum van onsself gee.
Jesus wil egter 'n groter tipe droefheid by ons bevorder. Dit is om hartseer te wees oor die gebrokenheid van hierdie wêreld. Om eintlik so daarteen in opstand te kom dat ons emosies ons oorweldig en ons in trane wil uitbars. Eers as ons hierdie pyn saam met God beleef, kan Hy ons werklik vertroos. Want eers dan is ons gereed om van die ou en verkeerde dinge in hierdie wêreld afskeid te neem.
Kan ek jou vra hoe sensitief jy vir ander se nood is? Het dit jou al tot trane gedryf? Trane wat 'n aksie by jou losgemaak het daaroor!

**Gebed**: Here, maak my sensitief vir die nood van my naaste. Laat my trane my dring om iets daaraan te doen. Gee my die wysheid om dit aan te spreek! Amen

Dag 8
Dinsdag

# Stille nag... Onheilige nag...

Matteus 2:18

Oukersaand van 1945 was vir baie gelowiges in Europa 'n tyd van oorlog. Op een van die oorlogsfronte het daar egter op hierdie Oukersaand iets wonderliks én iets tragies gebeur. Die twee linies het naby mekaar gelê, en was die vorige paar dae in hewige gevegte betrokke. Maar toe kom die krakerige geluid oor die veldradio. Kersfeeswense van die vyand af. Kersfeeswense wat beantwoord is en wat die hele gemoed op die front verander het. Die soldate het begin om die oorlogsfront so 'n bietjie op te vrolik.
Kersfeesboompies is uit swart takke gemaak, en met blikkies en stukkies skrapnel behang. Goeie wense is van loopgraaf tot loopgraaf gestuur. Daar was skielik vrede, veral vrede in mense se harte. Toe kraak die veldradio weer, en die wysie van "Stille nag, heilige nag" vul die koue naglug.
Skielik gaan daar egter 'n alarm af. Alles was 'n set. Die vyand het besluit om teen alle militêre etiket in 'n aanval te loods. Voordat jy kon sê mes was die vyand uit hulle loopgrawe, en met blitsende bajonette aan die storm. Dit was weer oorlog: man teen man, staal teen staal, vernuf teen vernuf. Daar was 'n geskree, en bloed het op die wit sneeu gedrup. Maar daar was ook 'n ander geluid. Eenkant het die radio nog steeds: die wysie van "Stille nag, heilige nag" gespeel.
Klink hierdie gebeure vir jou makaber? Onmoontlik, onmenslik? So asof so iets nooit kon gebeur het nie? Die feit is: dit hét. Wat meer is, dinge soos hierdie gebeur elke dag. Dit is ook wat gebeur het toe Herodes so bang was dat die BABA Jesus sy koningskap van hom sou wegneem.
Hierdie is tipies van ons wêreld. Hartseer dat mense seerkry wat nooit seer moes kry nie. Treur jy ook oor hierdie wrede wêreld van ons?
**Gebed**: Here, ek is hartseer oor die wrede wêreld waarin ons leef wat soveel mense seermaak. Gebruik my om dié sere te verbind.
Amen

Dag 9
Woensdag

# Huil saam met...

## Romeine 12:15

“Lag en vier fees saam met elkeen wat bly is. Huil saam met elkeen wat hartseer is.” (Die Boodskap)

Dikwels, wanneer mense in groot smart verkeer, weet jy nie altyd wat om te sê of te doen nie. Dan is dit nodig om te weet dat jou blote teenwoordigheid, hoe lomp en onnosel ook al, meestal genoeg is. Dit is dikwels die eerlikste en mees egte manier van simpatiseer – net om daar te wees.

Hierdie eenvoudige en kinderlike storie illustreer hierdie waarheid so mooi:

’n Klein seuntjie het by die aanhoor van die nuus dat sy beste vriend se pa onverwags gesterf het, sonder skroom onmiddellik daarheen oorgehardloop. Sy ma was ietwat bekommerd oor sy skielike verdwyning. By sy terugkeer was sy nie alleen sigbaar verlig nie, maar het sy angstig oor sy vreemde gedrag uitgevra.

Toe sy hoor dat hy by die maatjie se huis was, was haar eerste vraag:

*“Wat het jy daar gaan doen?”*

Waarop hy kortaf geantwoord het: *“Niks nie!”*

*“So waaroor het julle alles gepraat?”* was haar volgende vraag.

Waarop sy antwoord weer eens kort en kragtig was: *“Niks nie.”*

*“So wat hét jy dan presies daar gaan maak?”* was haar volgende logiese vraag.

Waarop hy sag, amper fluisterend en met groot tranerige oë geantwoord het: *“Ek het saam met hom gehuil.”*

Om saam met ander te huil, is nie net ’n teken van ’n diepe solidariteit met die ander een se smart en hartseer nie, maar waarskynlik een van die sterkste gebare van liefde en deernis teenoor ander.

**Gebed**: Here, leer ons vandag om nie skaam te wees om saam met ander te huil wanneer die dae van swaarkry aanbreek nie. Amen

Dag 10
Donderdag

# Treur oor vrot kolle in die kerk... 2 Korintiërs 12:11-21

"Ek is bang dat God my sal verneder wanneer ek weer daar by julle kom. Hoekom? Omdat ek miskien sal huil en treur oor baie mense in die gemeente wat sonde gedoen het en wat nie verander het nie, hulle lewe nie soos God wil hê nie. Ek is bang dat hulle nog die dinge doen wat hulle altyd gedoen het, dat hulle slaap by mense met wie hulle nie getroud is nie, dat hulle onsedelik lewe, en dat hulle doen wat hulle wil." (Bybel vir almal)

Daar is baie waar uitsprake oor die kerk:
*"The church is not a place where perfect people gather to say perfect things, or have perfect thoughts, or have perfect feelings. The Church is a place where imperfect people gather to provide encouragement, support, and service to each other as we press on in our journey to return to our Heavenly Father."*— Joseph B. Wirthlin en *"The church is not a museum of saints, but a hospital for sinners."* – Brennan Manning

Hierdie uitsprake is waar, maar tog moet ons weet dat die sondaars in die kerk so moet leef dat Jesus en sy koninkryk nie skade ly nie. Dit is betreurenswaardig as daar steeds na bekering met die ou sondes voortgegaan word.
Hoe lyk die Christelike gemeentes vandag? Is sommige lidmate se leefstyl nie dalk 'n verleentheid vir die kerk nie? Laat ons nie te maklik sondige praktyke siende oë toe onder die valse vaandel van verdraagsaamheid nie? Moet ons nie mekaar eerder aanmoedig om tot inkeer te kom en die verkeerde weë te verlaat nie?

**Gebed**: Here, bewaar ons daarvan om sonde oor die hoof te sien asof dit van minder belang is. Laat ons mekaar eerder aanmoedig tot 'n leefstyl waarmee Jesus self tevrede sal wees. Amen

Dag 11
Vrydag

# Treur met hoop...

## 1 Tessalonisense 4:13-18

Naby Graskop is daar 'n rivier wat deur die Voortrekkers die Treurrivier genoem is. Hendrik Potgieter se trek het in 1844 by dié rivier gestaan toe daar besluit is om 'n ekspedisie Delagoabaai (tans Maputo) toe te stuur. Die groep het so lank weggebly dat dié wat agter gebly het aangeneem het hulle het almal omgekom. Hulle noem toe die rivier waar hulle gestaan het Treurrivier, pak hulle waens en trek verder. Hulle slaan toe laer op by 'n volgende rivier en beleef toe die vreugde van die terugkoms van die ekspedisie. Hulle rit het bloot langer geduur as wat hulle gedink het. Dié rivier noem hulle toe die Blyderivier. Die twee riviere vloei saam by die Bourke's Luck Potholes, 'n plek wat elke jaar deur duisende mense besoek en bewonder word.

Ek wonder maar net of die Voortrekkers, toe hulle die Treurrivier so genoem het, enige hoop gehad het dat dit so 'n besienswaardigheid sou word?

Die dood van 'n geliefde is nie maklik nie! Die dood van 'n geliefde is pynlik. By die dood van 'n geliefde is dit moeilik om in *"dagbreek"* en *"sonsopkoms"* te glo. Die dood het 'n neiging om alles deurmekaar te krap en jou hoop te laat verloor! Die dood bring trane! Dit is reg om te huil, te treur by die dood. Lank daaroor hartseer te wees. Dit is normaal!

Vir ons as gelowiges is daar egter iets groters by die dood. Ons weet dat Jesus die dood oorwin het. Hy lewe en daarom kan ons, selfs al sterf ons ook, saam met Hom lewe (Johannes 11:25). Ons treur wel by die dood, maar ons treur met die hoop op die opstanding en dit is iets heel anders. Die dood van 'n geliefde beteken nie die einde van alles nie.

**Gebed**: Here, dankie dat ek weet: Al treur ek, kan ek tog weet dat die dood nie meer vir my 'n bedreiging is nie, maar dat U anderkant die graf op ons wag. Amen

Dag 12
Saterdag

# Trane en lag

Psalm 30:6

Kyk maar: ons het deur die nag gehuil. Maar vanmôre lag ons van vreugde. Dis net die Here wat so iets laat gebeur. (Die Boodskap)

Lees hierdie getuienis van 'n man oor sy vrou wat gediagnoseer is met osteonecrosis. Dis die beenselle in haar bene, bo- en onderkant die knieë wat doodgaan. Sy kan nie 'n knievervanging kry nie, want die prostese sal nie aan die dooie been heg nie:

My liefste gesonde Maraaitjie wat altyd hop soos 'n rubberbal, het op 'n dag skielik en onverwags in 'n winkel in die Mall geval. Die mediese bevinding was: Osteonecrosis – dit is onomkeerbaar en daarom was die skok vir ons beide so groot. *"Mevrou daar is geen behandeling nie. Ons kan met pilletjies dit slegs vertraag,"* was die verdoemende woorde van die dokter. Voortaan moes sestig persent gewig van haar bene af gehou word. Dit sou mos nou baie van haar daaglikse aktiwiteite erg inkort. Twee krukke en 'n rolstoel het skielik Maraaitjie se voorland geword, selfs die was van 'n teekoppie het nou 'n onmoontlikheid vir haar geword. Hoe doen jy huistake of staan voor 'n wasbak op twee krukke? Die aanpassing in ons normale roetine was vir ons beide skielik groot. Ons het na 'n woonstel in die bystandsafdeling van 'n aftree-oord verhuis en die bemoediging en gebede van ons kinders, familie en vriende word waardeer. Dit bring berusting en maak ons pyngedagtes hanteerbaar en minder seer! Geleidelik het daar vir ons beide aanvaarding gekom en leef ons weer normaal. 'n Positiewe ingesteldheid help ons al twee om blymoedigheid uit te straal! Met ons liewe Vader, ons Anker, se wonderlike hulp en leiding elke dag ervaar ons tans soveel blymoedigheid en geestelik verrykende krag. Ons besef toenemend dat ons steeds baie het om voor dankbaar te wees. 'n Rolstoellewe, het ons twee geleer, is nie noodwendig iets om te vrees nie. Daar kom wel tye wat ons na fisiese aktiwiteite uit die verlede verlang. Ons hou egter ons gedagtes pal positief en ons beplan en vul elke dag met kreatiwiteit, wedersydse ondersteuning, begrip en baie liefde en lag! Van Hom is ons krag en vertroue en by Hom vind ons elke keer vertroosting. Dit is nie verniet dat Psalm 30:6 sê: *"... Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek (ons) al weer."* Hoeveel lag is daar in jou trane? Is dit nie deel van die Here se vertroosting nie? Sy goedheid is lewenslank!

**Gebed**: Dankie, Heer, dat ek kan weet al huil ek nou, dat ek weer môre sal lag. Dankie, dat U in u grootheid elke traan raaksien en met u liefde weer lag in my lewe gee. Amen

# Geheim 3 Gelukkige sagmoediges



- Hoe sal jy sagmoedigheid beskryf?
- Ken jy sulke mense? Vertel 'n bietjie.
- Hoe voel die samelewing oor sagmoedigheid?
- Kan daar so iets bestaan soos 'n sagmoedige rugbyspeler/leier/baas?

Moenie te lang tyd aan dié vrae spandeer nie. Dis sommer lekker in-die-onderwerp-inspring vrae.



- Lees Amos 4:13 twee keer rustig, met klem op elke woord. Gee 'n paar oomblikke van stilte.
- Sing 'n paar lofsange en bid 'n aanbiddingsgebed.



Kyk na die DVD-inleiding.

Lees Matteus 11:28-31



28 "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek
sal julle rus gee. 29 Neem my juk op julle en leer van My,
want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus
kry vir julle gemoed. 30 My juk is sag en my las is lig."



1. Het jy al uitgeput en oorlaai gevoel? Wat maak dat jy so voel?

   Elkeen se eie belewenis is belangrik. Luister goed en simpatiek.



2. Wat leer die teks ons oor die hantering daarvan?
   Gaan na Jesus toe! Hý hou jou vas, laat jou veilig voel, bring kalmte en vrede.

3. Wat leer ons oor Jesus se karakter in hierdie verse?
   Hy is nederig en sagmoedig.

4. Lees nou Matteus 28:18 en Openbaring 1:12 - 18. Hoe rym dit met Matteus 11: 29? "Nederig en sagmoedig" beteken nie swak en hulpeloos nie; dit is juis krag onder beheer. Hoe kan ons meer soos Hy wees wat dit aan betref?
   Gee oor aan Hom, daagliks. Laat Sy Gees jou vervul. Oefen dit om onder beheer te lewe.

5. Wat leer ons hier van sagmoedigheid?
   Sagmoedigheid help, skep veiligheid, bring vrede. Dis onselfsugtig gerig op ander se behoeftes.

6. Die HAT beskryf sagmoedigheid soos volg: Sag van inbors; nie streng, bars of kwaai nie; saggeaard; minsaam. Calvyn het gesê: "*'n Nederige mens is iemand met 'n gelykmatige en sagte geaardheid. Hy raak nie opvlieënd oor onreg wat hom aangedoen word nie. Hy is nie liggeraak nie. Hy is eerder bereid om enigiets te verduur as om kwaad met kwaad te vergeld.*"

   Stem jy saam? Hoekom of hoekom nie? Gesels bietjie oor hierdie stellings.
   Kry elkeen se siening. Vergelyk dit dan met die eerste inleidingsvraag.



7. Matteus 5:5

   5Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.

   "Geseënd / Salig is die sagmoediges"

   Wat is die verband tussen geluk en sagmoedigheid?

   Dis anders as die wêreld/samelewing se siening van geluk! Maar dis juis dié Jesusgesindheid wat jou gelukkig maak.

8. "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe."

   Wat sê hierdie belofte vir jou?

   Eerstens, dit gaan oor die ewige lewe. Maar tweedens, sagmoedige mense beleef 'n sinvolle aardse bestaan.

Om sagmoedigheid as 'n deug te beskou, was net so vreemd vir die mense van Jesus se tyd as wat dit vandag is. Die mense van Jesus se tyd het gedink dat hulle net deur hulle eie krag en insig kan oorleef. Jesus se preek teen die hange van die berg kom stel nuwe standaarde.

Is sagmoedigheid 'n karaktereienskap wat baie by mense vandag voorkom? Is dit gewild in die tyd waarin ons lewe? Nee

Galasiërs 6:1

Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp.

In die DVD het ons die aanhaling van Thomas Merton gehoor : "Sagmoedigheid is nie swakheid nie, maar krag wat onder leisels gehou word."



Kyk deur jou aantekeninge. Skryf biddend iets neer wat jy persoonlik as God se woord vir jou gaan vat. Hoe gaan jy dit wat jy oor sagmoedigheid geleer het, toepas op jou verhoudings?

Sluit af met gebed - vir julleself en ander gebedsbehoeftes.

Dag 13
Maandag

# Herinner ons

Titus 3:1

Vergeet jy maklik? Ons almal vergeet so nou en dan iets. Jou sleutels... jou beursie... afsprake? Die meeste van ons gebruik deesdae ons selfone om ons te herinner aan afsprake of belangrike dinge. Jy sit 'n 'reminder' op en siedaar – jy word laat weet as jy moontlik vergeet het.
Soms is dit nodig dat ons, as kinders van die Here, aan sekere dinge herinner moet word. Want ons word so maklik vasgevang in ons daaglikse dinge en ons besige lewens en dan raak ons maklik soos die wêreld rondom ons.
So word ons deur Paulus herinner aan wat ons as kinders van die Here moet doen. Ons moet:

- Onderdanig wees aan owerhede (nie so maklik in ons land nie!)
- Gehoorsaam te wees (nie so maklik in vandag se tye nie!)
- Bereid wees tot goeie werk (om goed te doen, is ook 'n uitdaging!)
- Niemand te belaster nie (doen ons dit nie soms nie?)
- Nie strydlustig te wees nie, maar vriendelik... (om dit te doen, vra baie!)
- Aan ALLE mense sagmoedigheid te bewys.

Paulus kom herinner ons hoe ons as kinders van die Here moet lewe en hoe ons moet optree.
Nie soos die wêreld nie, maar soos die Here van ons vra.
En veral om aan ALLE mense *sagmoedigheid* te bewys.
Nie net aan hulle wat ons goed hanteer nie.
Nie net aan hulle wat sagmoedig teenoor ons is nie. Maar aan almal!
Ook dié wat met ons wil baklei, wat met ons wil verskil en moeilik wil raak.
Ons moet sagmoedig wees. Dit beteken nie ek kan nie ferm optree nie, maar tog op 'n bepaalde manier. Ek kan sagmoedig wees sonder om 'n vloerlap te wees.
Kom ons wees sagmoedige kinders van die Here!

**Gebed**: Liewe Heer, help my om onderdanig te wees, om gehoorsaam te wees, om goed te doen, om vriendelik te wees en om aan almal sagmoedigheid te bewys. Amen

Dag 14
Dinsdag

# Wandel met sagmoedigheid

## Efesiërs 4: 1-2

“Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra ...” (OAV)

Ons weet dat predikante en pastore deur die Here geroep is. Maar die vraag is: Dink jy jý is ook deur die Here geroep? Ons word ook deur die Here geroep om vir Hom te lewe. Om ’n verskil in hierdie wêreld te maak. So het Hy ook ’n plan met elkeen van ons lewens. Paulus kom sê vir ons dat ons ook geroep is om te wandel in nederigheid, sagmoedigheid en lankmoedigheid. Dit alles terwyl ons mekaar in die liefde verdra. Dink mooi: Om te *wandel* in nederigheid, sagmoedigheid en lankmoedigheid ...
Om dit uit te lewe in my lewenswandel! Is hierdie dinge duidelik sigbaar in my lewe? Kan mense in my wandel, in my daaglikse lewe, sien dat ek nederig, sagmoedig en lankmoedig (geduldig) is?
Hoe lyk my lewe vir ander mense? Wat neem hulle van my lewe waar? Ek is geroep om nederig, sagmoedig en lankmoedig te wees – maar die vraag is: Wys my lewe dit?

Kom ons lewe soos die Here van ons vra.
Mag nederigheid, sagmoedigheid en geduld deel van ons lewens wees!

**Gebed**: Liewe Heer, help ons om nederig te wees, om geduldig te wees en om sagte harte vir ander te hê. Mag ek naby aan U wandel en lewe soos U van my vra. Amen

Dag 15
Woensdag

# Hanteer ander mense altyd mooi Timoteus 6:11

Teksvers: 1 Timoteus 6:*11 (Lees die teksgedeelte ook in jou eie Bybel)* Timoteus, jy is God s'n. Bly weg van al hierdie slegte dinge af. Doen eerder jou bes om so te leef dat God met jou tevrede voel. Hou aan om op God te vertrou en om oor te loop van liefde vir ander. Moenie moed verloor nie en hanteer ander mense altyd so mooi sodat hulle goed voel om by jou te wees. (Die Boodskap)

*"Hanteer ander mense altyd mooi"* kom in ander vertalings voor as sagmoedig of om deernis te hê. Paulus bevestig in die eerste plek Timoteus se identiteit: Hy is GOD s'n. God het hom gekies om sy kind te wees. Hy moet sy doel en waarde daarin vind dat hy 'n kind van God is. Hy kan nie meer leef asof hy in die wêreld is nie, hy is 'n spesiale ambassadeur van God. Hy moet 'n doelwit hê, dat dit wat hy elke dag doen, God sal vereer. Dit gebeur ook wanneer ander mense dit by ons raaksien en beleef. Paulus kom sê vir Timoteus dat deur ander lief te hê en hulle met sagmoedigheid en deernis te behandel, hulle iets van God se liefde sal beleef. Sodoende weerkaats Timoteus God na hulle.
Ons kan nie sagmoedigheid en deernis met mense hê as God ons nie eers kom verander het nie. As ons God waarlik ken, verander Hy ons deur sy liefde en genade in ons te deponeer. Deurdat ons die Vader se sagmoedigheid beleef het, kan ons eintlik nie anders as om dit ook aan ander te bewys nie. Hierdie optrede wat téén die wêreld se manier van optrede is, skep vir ander 'n veilige ruimte waar hulle kan leef. Hierdeur word God verheerlik deur ons lewens. Dit is tog die grootste strewe van 'n gelowige.

**Gebed**: Hemelse Vader, lei my asb. om u sagte hart te bly raaksien, sodat ek altyd ander met dieselfde sagtheid kan hanteer. Help my om nie ander seer te maak deur my optrede nie, asseblief! Amen

Dag 16
Donderdag

# Lewensvreugde

## 1 Petrus 3:8-12

Hierin, sê Petrus vir ons, lê 'n diep geheimenis: die sleutel tot lewensvreugde! Wat is lewensvreugde? Lewensvreugde is om onder God se seën te leef. Beteken dit dat dit altyd net goed sal gaan met jou? Ongelukkig nie. Dit beteken wel dat jy altyd, ten spyte van wat die lewe inhou, in God se teenwoordigheid sal lewe. Daar waar Hy sy vrede en sy vreugde, sy genade en sy liefde aan jou bewys.
Maar om hierdie seën altyd te beleef, het ons nodig om in 'n verhouding met die Here te lewe. Hierdie verhouding vra dat ons sekere dinge sal nastreef. Deur dit reg te kry, is ons gehoorsaam aan God en leef ons naby Hom.
Hierdie 5 dinge vra dat ons nie altyd argumente soek en ons eie standpunt ten koste van verhoudings stel nie, maar eerder om eensgesindheid na te streef. Dit vra dat ons ons sal instel is op ander se emosies en gevoelens. Dat ons saam lag, maar ook saam huil. Ons kan in liefde met mekaar leef, sonder om gedurig ander se foute uit te wys. Dit vra dat ons ander se nood raaksien en help waar ons kan. Dit alles sal ons help om nederig te kan bly, want dit herinner ons aan ons eie geringheid.
Ons is ook afhanklik van God se genade en ander gelowiges se goedheid, dat hulle ook op hierdie manier teenoor óns sal optree.

**Gebed:** Hemel Vader, so dikwels laat ek toe dat my ou natuur oorneem wanneer ek met mense werk. Wil U my lei, Heilige Gees, dat ek in afhanklikheid van U, ander met deernis kan hanteer. Amen

Dag 17
Vrydag

# ’n Sagte tong

Spreuke 15:1

’n Sagte antwoord laat die woede bedaar; ’n krenkende woord laat woede ontvlam.

Hy is al grys. Nie ver van aftree af nie. Hy staan voor ’n groep mense met trane wat onbeheerd oor sy wange rol. Hy getuig hoe hy uiteindelik op die Lewensverryking Seminaar kon vry kom van negatiewe woorde wat hy dekades gelede van ’n naby familielid moes hoor. Woorde wat hy met hom saamgedra het en wat hy geglo het. Woorde wat gemaak het dat hy nie voluit kon leef nie.
As ons mooi eerlik met onsself is, moet ons erken dat ons baie keer vinniger praat as wat ons dink. In die Nuwe Testament word die tong nie verniet gekoppel aan ’n vuur wat ’n hele bos kan afbrand nie. Ja, ons tong, ons woorde, kan baie meer skade aanrig as wat ons soms dink. Anders as fisiese wonde, bly die wonde van woorde soms vir baie jare. Daarom moet ons leer om sagte woorde te gebruik. Woorde wat eerder regmaak en heelmaak as woorde wat seermaak en afbreek. Woorde wat kom uit ’n sagmoedige gesindheid.
Sagte woorde kan aangeleer word deur eers te dink wat die invloed van ons woorde gaan wees, alvorens ons te vinnig praat en reageer vanuit ons eie emosies.

**Gebed:** Hemelse Vader, gee my asseblief ’n sagte tong wat woorde sal spreek wat opbou en wat heelmaak. Amen

Dag 18
Saterdag

# Sagmoedigheid en sonde

## Johannes 8:1-11

Johannes 8:1-11 "Niemand nie, Here," sê sy. Toe sê Jesus: 'Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sondig nie."

In hierdie verhaal lees ons van die vrou wat tydens owerspel betrap is. Diegene wat haar *"betrap"* het, was hard en ongenaakbaar. Geen spoor van enige sagmoedigheid van hulle kant af nie. Hulle wil Jesus probeer uitvang wanneer hulle haar na Hom toe bring. Hulle het geen genade met haar nie. Hulle pas die wet koud en klinies toe sodat hulle Jesus kan probeer bykom. Hulle fokus só op haar sonde, haar foute, dat hulle vergeet van hulle eie foute en swak punte. Vandag nog eggo hierdie verhaal. Ook ons is maar te geneig om vinnig klippe te wil bymekaar maak. Vinnig om met ons woorde en dade ander te wil oordeel. Vinnig om hard en ongenaakbaar op te tree.
Sagmoedigheid beteken nie dat ons sonde maar net oorsien en moet verdra nie. Ons kán sonde uitwys en dit afkeur, maar nog steeds sagmoedig wees. Jesus kom ons dit onder andere deur hierdie verhaal leer. Jesus het die *"verwonde"* vrou sagkens hanteer maar Hy was terselfdertyd ferm en duidelik oor die sonde in haar lewe. Jesus leer ons om sagkens met mense te werk, maar die sonde ferm aan te spreek.

**Gebed:** Jesus, help my om, soos U, sagkens met mense, maar ferm en beslissend met die sonde, te werk. Amen

# Geheim 4

# Gelukkig! Want jy honger en dors na wat reg is



- Ons het verlede week oor sagmoedigheid gesels. Kon jy dit regkry en het dit 'n verskil aan jou lewensgeluk gemaak?
- Hoe voel jy as mense jou onregverdig behandel?

  Moenie te veel hiervan maak nie, maar gee mense die geleentheid om so bietjie oor hulle gevoelens te gesels.
- Wat dink jy is die verskil tussen wat reg vir die mens is en wat reg vir God is?

  Die enigste manier hoe ons wéét wat God se wil is, is uit sy Woord. Salomo het in Spreuke 16:11 gesê: 11"Die norme vir die regspraak kom van die Here af; Hy bepaal die maatstawwe."



- Om die Here te loof oor sy goedheid en sy guns aan ons, is belangrik vir Hom, maar dit is vir ons ook goed om aan God se goedheid te dink. Kom ons noem vir mekaar watter eienskappe van God vir jou besonders mooi is.
- Sommige groepe gebruik hierdie gleuf om saam die Here te loof in sang en gebed. Daar is nou geleentheid daarvoor.



Kyk na die DVD



Lees: Jeremia 7:1-11

1Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het:
2Gaan staan in die poort van die huis van die Here en
roep daar hierdie woorde uit: Al julle Judeërs wat by
hierdie poorte ingaan om die Here te dien, hoor die woord
van die Here! 3So sê die Here die Almagtige, die God van



Israel: Maak julle lewe en julle dade reg, dat Ek julle kan laat bly in hierdie land. [4]Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: “Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!” [5]Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is, [6]moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees onreg aandoen nie, moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie land nie en moenie ander gode dien nie. Dit sal onheil oor julle bring. [7]As julle aan My gehoorsaam is, sal Ek julle in hierdie plek laat bly, in hierdie land wat Ek vir altyd aan julle voorvaders gegee het. [8]Julle vertrou op leuens wat julle niks gaan baat nie. [9]Julle kan mos nie steel, moor, egbreuk pleeg, vals ede aflê, wierookoffers vir Baäl bring, ander gode dien vir wie julle glad nie ken nie, [10]en My dan ook nog in hierdie tempel wat na my Naam genoem is, kom dien en sê: “Ons is veilig” nie! En dan gaan julle maar voort met al hierdie gruwelike dinge! [11]Het hierdie huis wat na my Naam genoem is, vir julle ’n rowerspelonk geword? Ek het gesien wat julle doen, sê die Here.



1. Wat het deur jou hart gegaan by die lees van hierdie woorde?
   Die doel met hierdie vraag is om sommer net weer na die teks te kyk vanuit elkeen se hoek te hoor wat die Gees vir elkeen in die groep uitlig.
2. Sjoe! Jeremia was reguit toe hy met die mense gepraat het. Dink jy dit was reg van Jeremia om daar by die ingang van die tempel so met mense te praat wat in elk geval “kerk toe” kom?
   Die doel met hierdie vraag is om mense te laat dink oor hoe belangrik dit is om dit wat die Here vir jou gesê het, tog te gaan doen.  Onthou, dit gaan nie net oor ’n goeie gesindheid (kerk toe kom) nie, jou gedrag moet ook reg wees.
3. Lees weer :4-10.  Kom ons praat bietjie met mekaar oor die dinge:  (Daar is baie!)
   ☺ wat nie reg is in die oë van die  Here nie.



wat reg is in die oë van die Here.

4. Wat (sê die profeet) moet hulle doen om dinge reg te maak?
Hulle moet hulle tot die Here bekeer en hulle lewe en dade regmaak.

5. Watter waarskuwing is daar as hulle volhard in sonde en ongehoorsaamheid?
Hulle sal in ballingskap weggevoer word. Dit hét toe gebeur! Hulle het nie gereageer op Jeremia se waarskuwing nie.

6. Wat hoor jy die Here vir jou sê? Is daar dalk iets wat ek voor my siel weet wat ek nie moet doen nie, maar tog doen? Of aan die anderkant, is daar dalk iets wat ek wéét ek moet gaan doen, maar nie doen nie? Skryf in hierdie blokkie hieronder neer wat die Here nou op jou hart lê.
(Gee gerus bietjie stilte sodat die die groepslede so bietjie introspeksie kan doen.)

7. Kom ons dink 'n bietjie aan onreg wat ons vandag toelaat, aanvaar of oor swyg. Wat dink jy moet ons as groep hoor by die Here?
Hierdie is 'n geleentheid waarop die groep bietjie kan gesels oor die samelewing se doen en late wat nie reg is nie. Julle kan ook besluite neem oor hoe om daarteen op te tree.



8. Wat dink jy het Jesus bedoel in Matteus 5:6?

[6]"Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word".

Die Here Jesus het op 'n positiewe manier mense aangemoedig om met hart en siel te soek en te doen wat reg is. Hy het ook vir hulle gesê dat so 'n mens bevredig sal word en eintlik geen skuldgevoelens hoef te hê nie.

9. Deel so bietjie jou eie getuienis oor hoe jy al beleef het dat hierdie honger en dors versadig is.

- Hoe het jy self beleef dat jou verhouding met die Here reggestel is en jy sy vryspraak / vergifnis gekry het?

- Waar kon jy deel daaraan hê dat 'n onreg reggestel is?



Dink biddend oor iemand wat jy weet in die styl van Galasiërs 6:1 reggehelp moet word.

[1]Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.

- Besluit dan hoe en wanneer jy dit gaan doen.

- Bid vir mekaar en ander gebedsbehoeftes wat die Here op julle harte lê.

Dag 19
Maandag

# 7 goed wat God haat (1)

## Spreuke 6:16-19

As ons kyk na die sewe goed wat God haat, is die eerste waarna ons kyk, *hoogmoed*. Ons is besig om te werk met ongeregtigheid, maar hoe is hoogmoed dan ongeregtigheid? Met hoogmoed dink jy dat jy beter of belangriker is as ander mense, en dan verander dit die manier hoe jy mense behandel.

Dit is die oorsprong van kwessies soos rassisme, seksisme, homofobie, xenofobie of enige ander diskriminasie wat ons in ons samelewing kry. Daaraan het God 'n passievolle haat. Jesus het gekom om ons almal aan mekaar gelyk te stel en die meeste die minste te maak, en die minste die meeste.
Is dit dan nie wat die grootste gebod van ons verwag nie? Jy moet vir jou naaste so lief wees soos jy vir jouself is (Matteus 22:38)! Dan is almal mos gelyk! Maar hoe stel ons dit reg?
Dit begin by 'n persoonlike besluit. Jy moet elke oggend besluit dat jy die persoon gaan wees wat dien. Dat jy nie hoogmoedig gaan wees nie. Stel die voorbeeld! En spreek ander aan as jy agterkom dat hulle dit nie doen nie, maar doen ook dít in liefde. Hou altyd aan om te honger en dors na die wil van God!

**Gebed:** Here, hou asseblief my voete op die grond sodat ek nie hoogmoedig sal word nie. Help my om ander mense te sien soos U hulle sien, en myself nie hoër te ag nie. Gee my ook die krag om op te staan vir dit wat reg is in u oë. Amen

Dag 20
Dinsdag

# 7 goed wat God haat (2)

Spreuke 6:16-19

Die volgende wat God haat, is 'n *tong wat lieg*. Dit is sekerlik een van die mees algemene ongeregtighede wat ons in vandag se samelewing teëkom. Dit is ook al 'n probleem wat in die Tien Gebooie aangespreek word, en duisende jare later sukkel die mensdom nog steeds hiermee.

Ons het al so gewoond geraak daaraan dat mense vir ons jok, dat dit as 'n verrassing kom as iemand wel hulle woord hou. Het ons ook in daardie groef verval? Verdraai ons nie ook soms die waarheid om onsself te red nie? Leuens is die manier waarop die duiwel 'n vatplek aan ons kry.
Hoe kan dit geregtigheid bevorder? Dit is glad nie God se wil nie. Ons moet honger en dors na die waarheid. Dit is om die waarheid te praat, maar ook om in die waarheid deur die Heilige Gees gelei te word. Ons moet begin deur self te streef na eerlikheid, en ook op te staan as mense nie die waarheid praat nie. Maar onthou, jy moet altyd eers self die voorbeeld stel.

**Gebed:** God van die waarheid, help ons om altyd die waarheid te praat. Lei ons om in die waarheid te lewe en ook die waarheid aan ander mense te wys. Beskerm ons ook teen die leuens wat die wêreld ons probeer vertel. Amen

Dag 21
Woensdag

# 7 goed wat God haat (3)

## Spreuke 6:16-19

In vandag se samelewing word ons gereeld gekonfronteer met hande wat met bloed bevlek is. As ons die koerante oopmaak, sien ons al die geweld wat in die land aan die gang is. Kapings, moorde, aanrandings en nog soveel meer is al deel van ons daaglikse lewe.

Ons besef nie eers meer dat dit gebeur nie. Dit gebeur ook nie net van gister af nie. Kain het sy broer al doodgemaak (Genesis 4). Maar dit is nog iets wat God haat. Om iemand anders so seer te maak dat die bloed loop, is een van die grootste ongeregtighede wat 'n mens aan enige iemand anders kan doen.
Ons moet 'n hart kry soos ons God s'n. Dit moet ingaan teen ons hele wese! Staan op teen alles wat God haat! God het ons op die aarde gesit om in liefde saam te leef, en as Christene is dit ons werk. Kom ons help om die wêreld vol vrede te maak sonder geweld en bloed wat vloei. Dit is wat God baie graag van ons sal wil sien.

**Gebed:** Ons Here, lei ons om nie met geweld teen ons medemens op te tree nie. Breek ons hart vir wat u hart breek, en help ons om werklik 'n verskil te kan maak in die wêreld. Amen

Dag 22
Donderdag

# 7 goed wat God haat (4)

## Spreuke 6:16-19

In Spreuke 6:18 lees ons dat God gedagtes haat wat met komplotte besig is. Dit gebeur baie keer dat ons in ons gedagtes begin om wraak te beplan, of as daar iets is waaruit ons voordeel kan kry, dan maak ons planne om dit te kry sonder om te dink wat dit aan ons medemens doen.

Ons moet al die gedagtes keer, want as dit tot dade oorgaan, word dit 'n vreeslike ongeregtigheid! Ander mense se gevoelens word nie in ag geneem nie. Al wat belangrik is, is dat ons persoonlik soveel as moontlik voordeel trek uit die situasie. Hoe erg is dit nie dat ons so selfsugtig kan wees nie!

God wil graag hê dat ons almal in ag moet neem en nie planne maak om ander seer te maak nie. Jy moet die keuse uitoefen om nie daardie gedagtes te kry nie, en om altyd seker te maak dat jy almal in ag neem wanneer jy belangrike besluite neem. Ons moet honger en dors na die geregtigheid wat God baie graag in die wêreld wil sien!

**Gebed:** Vader, beheer asseblief my gedagtes sodat ek nie planne sal maak wat ander mense kan seermaak nie. Help my om almal met wie ek in aanraking kom, in ag te neem sodat ek hulle nie sal seermaak nie, en hulle iets van u hart in my optrede sal kan sien. Amen

Dag 23
Vrydag

# 7 goed wat God haat (5)

## Spreuke 6:16-19

Teksvers: Lees weer Spreuke 6:16-19, dalk in 'n ander vertaling.

God is 'n baie groot ondersteuner van geregtigheid en mense wat mekaar met eerbied en respek behandel. God hou nie van voete wat net die rigting van die kwaad ken nie! Hoekom wil ons dan op die verkeerde pad loop as dit God se wil is dat ons op die regte pad sal loop? God wil hê dat ons sy weg moet volg, en as ons deur die hele Nuwe Testament kyk, dan sien ons dat God se weg die pad van liefde is.
God wil nie hê dat ons mekaar moet seermaak en mishandel nie. Om te gaan en ander mense seer te maak, fisies of emosioneel, en om mense fisies te benadeel deur te steel of eiendom te beskadig, is nie God se wil nie.
Dat ons mekaar moet liefhê en Jesus se volmaakte voorbeeld navolg, is God se plan vir hierdie wêreld. Kom ons help mekaar om op die regte pad te loop, en ons ondersteun en moedig mekaar aan om Jesus se voorbeeld te volg. Dit sal die wêreld laat lyk soos God al met die paradys beplan het! Dit is ons taak om vir die mense om ons, hierdie beeld van Jesus uit te straal!

**Gebed:** Ons Here, dit is so maklik om op die pad van die bose te wandel. Ons wil U so graag volg. Help ons om mekaar te eer, en mekaar reg te behandel. Lei ons om op u weg te wandel ons hele lewe lank. Leer ons u wil! Amen

Dag 24
Saterdag

# 7 goed wat God haat (6)

## Spreuke 6:16-19

As ons Spreuke 6:19 lees, wil dit lyk asof dit vroeër al bespreek is. Daar sien ons dat God 'n haat het in 'n *getuie* wat lieg. Dit is op 'n heeltemal ander vlak as 'n tong wat lieg. 'n Tong wat lieg is om net vir mekaar te jok, maar 'n getuie wat lieg, is 'n sosiale probleem!
Dit laat ons baie dink aan 'n hof wat 'n getuie roep om 'n situasie te kom verduidelik. As daardie getuie lieg, gaan daar nie geregtigheid geskied nie. Ons moet strewe na geregtigheid in die samelewing. Omdat ons moet honger en dors na geregtigheid, mag ons nie lieg indien ons 'n getuie moet wees nie.
Dit gaan ook nog verder as dit. Dit handel oor aanspreeklikheid vir mekaar. As ons nie mekaar help waar ons gesondig het nie, is ons 'n vals getuie, want ons erken nie die waarheid nie. God wil hê dat die waarheid altyd moet seëvier, en dit kan nie gebeur as ons nie opregte getuies is nie. Kom ons spreek mekaar aan in liefde, en sorg dat geregtigheid altyd sal seëvier sodat die waarheid almal sal kan bevry!

**Gebed:** Ons Vader, dit is so maklik om die waarheid te verdraai om onsself beter te laat voel. Help ons om ons verantwoordelikheid na te kom om te sorg dat die waarheid sal seëvier en ons bevry sal word van die leuens wat ons vasbind. Amen

# Geheim 5

# Gelukkig in 'n barmhartige leefwyse



- Na vier weke se gesprekke in julle groep, vertel vir mekaar watter prentjie jy nou het van wat ware geluk is.
- Dink julle daar is 'n verskil tussen om barmhartig op te tree en 'n barmhartige leefstyl?
- Kan iemand wat gedurig met die nood en behoeftes van die omgewing/wêreld gemoeid is, gelukkig wees?

  Moenie te veel tyd bestee aan die bespreking nie. Die bedoeling van die vrae is om die kleingroeplede se koppe bietjie oop te rek rondom wat onder barmhartigheid aan die een kant en geluk aan die ander verstaan word.



- Dank in kort gebede die Here vir sy liefde en omgee en hoe dit mense se lewens raak.
- Hier is ook geleentheid vir lof- en dankliedere.

  Nou is die geleentheid om saam te sing (kies liedere wat gaan oor omgee en God se liefde), mekaar te herinner aan wie God is en wat Hy doen en dan daaroor saam te bid en die Here te prys daarvoor.



Kyk na die DVD en laat iemand daarna die Skrifgedeelte hieronder hardop voorlees. Gee dan 'n rustige tyd vir almal om dit weer in stilte te lees.

Lees: Lukas 6:32-36



32"As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter
aanspraak op dank het julle dan nog? Ook die sondaars
het net dié lief wat vir hulle liefhet. 33En as julle goed
doen net aan dié wat aan julle goed doen, watter
aanspraak op dank het julle dan nog? Die sondaars maak
maar net so. 34En as julle geld leen net aan dié van wie
julle hoop om dit terug te kry, watter aanspraak op dank
het julle dan nog? Sondaars leen ook aan sondaars,



solank hulle maar dieselfde bedrag kan terugkry. [35]Nee,
sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande
liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n
groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste
wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en
slegtes. [36]Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig
is."



1. Wat het jou diep geraak in hierdie paar verse van Lukas 6?
   Die doel met hierdie vraag is om sommer net weer na die teks te kyk vanuit elkeen se hoek.
2. Hoe kan jy identifiseer met die verhaal in die DVD?
   Die gedagte is dat die gesprek die brug sal bou tussen die teks, wat in die Bybel staan en die wêreld waarin ons lewe.

3. Kyk weer na :32 - :34. Kan julle voorbeelde noem van
   - selfsugtige liefde?

   - selfsugtige goed doen?

   - selfsugtige finansiële praktyke?

   Gee eers geleentheid vir die groeplede, dan kan jy jou eie voorbeelde noem.
4. Watter kragtige oproep is daar vir jou in :35 en :36?
   Onselfsugtige liefde. Dit is eintlik teen ons natuur…
5. Wat is die aansporing?
   Om al meer soos God te wees. Aartjie na ons Vaartjie.
6. Lees weer Matteus 5:7.

[7] Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Watter "vreemde geluk" beleef barmhartige mense? Vertel van 'n keer wat jy iets hiervan beleef het.
Die geluk van onselfsugtige liefde.



7. Wat dink jy moet ons as groep hoor by die Here?
   Hier gebeur dit dat die groep bind en saamgesnoer word in dit wat die Gees op ons harte druk.



Skryf nou jou eie voorneme hier neer. *(Moenie moeilik bereikbare doelwitte stel nie; hou dit eenvoudig en uitvoerbaar sodat jy sukses kan smaak.)*
Gee rustig tyd vir elkeen om stil te word en dit te skryf. Dit is nie jou laaste kans om dit te skryf nie, maar dit is wat die Here nou, hier, op jou hart lê.

*"Barmhartigheid het te doen met gelowiges se liefde vir ander mense omdat hulle God ervaar, deur God verander word en so liefde aan dié in nood bewys – so maak gelowiges 'n verskil in hul wêreld. Terselfdertyd is dit dié liefde wat van gelowiges gelukkige mense maak."*

- Gesels nou hoe julle as groep mekaar kan help om barmhartigheid as 'n leefstyl in te oefen. Wees baie prakties.

- Vertel vir mekaar van onmiddellike behoeftes wat julle rondom julle (ook in mekaar se lewens) raaksien.

- Bid nou saam oor dit wat die Here op julle harte lê.

*Gaan geniet dit om barmhartig te leef!*

Dag 25
Maandag

# God die groot barmhartige

## Jeremia 31:18-20

Vir sommige mense is dit vreemd om aan God te dink as die Groot Barmhartige. Hulle sien al die hartseer en gebrokenheid van die wêreld raak en sukkel dan om nie vir God daarvan te verdink dat Hy doelbewus die kwaad en die seer oor hulle pad gebring het nie. Hy is mos dié Een met die roede in sy hand wat almal regsien wat nie in hulle spoor trap nie.
Jy sal saamstem dat so 'n prentjie van God min ruimte laat vir geluk en blydskap. Daar is eerder vrees en senuweeagtigheid, soms opstandigheid, want daar is net teenspoed en teleurstelling. En dalk is daar ook nog sonde waarvan God weet waarvan ek nie eens bewus is nie.
Die prentjie van God in Jeremia 31:18-20 lyk anders. Efraim (Israel) kom met 'n klag voor die Here. Hulle sonde en die skande daarvan lê swaar op hulle. Die vernedering! Boonop voel hulle die Here het hulle gestraf. Hulle voel soos 'n kalf wat ingebreek en mak gemaak is. Hulle het geen wil van hulle eie meer nie. 'n Mag van buite is nou hulle enigste hoop. En die enigste mag buite hulleself is die Here! *"Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer!"* is hulle versugting (vers 18). God se reaksie is soos 'n vars bries. *"Ek het mos nie witbroodjies nie! Ek trek mos niemand voor nie! Maar, ek kan myself nie verstaan nie, elke keer as Ek Efraim se sonde sien en teen hom wil praat, dink Ek met hartseer aan hom. Ek is dan ontsteld oor hom, want Ek het hom baie lief."*
Die prentjie van God in Jeremia 31, trouens, in die hele Bybel, is dié van die Groot Barmhartige. Hy wil net goed doen aan jou. Daarom word Hy eerder self 'n mens, die mens Jesus, en laat Hy sy toorn oor jou foute en oor die hele gebroke wêreld waarin jy leef, op Jesus neerkom. Sy barmhartigheid laat Hom nie toe om jou hartseer, pyn, teleurstelling en mislukkings mis te kyk nie. Hy bedek dit met die kosbare bloed van sy Seun sodat jy weer die blydskap kan ervaar van iemand wat deur God heelgemaak is. God gee Homself sodat jy gelukkig kan wees!

**Gebed:** Here, herstel asseblief die prentjie wat ek van U het sodat ek weer geluk mag ervaar. Amen

Dag 26
Dinsdag

# Geraak deur die nood van mense

Matteus 9:35-38

Dit is nogal opvallend hoeveel moeite Matteus doen om ons aandag te vestig op hoe Jesus aandag gee aan klein dingetjies. Hy vertel spesifiek dat Jesus nie net die dorpe besoek het nie, maar ook die klein plekkies. Hy vertel ons dat Jesus nie net die goeie nuus van God se Koninkryk vir die mense gebring het nie, maar dat Hy ook elke siekte en kwaal gesond gemaak het. En wanneer Jesus na die menigte mense wat om Hom saamgedrom het kyk, sien Hy nie net 'n menigte nie, maar individuele persone. Hy was diep geraak deur wat Hy gesien het. Hy het gesien dat van hulle moeg en hulpeloos was. Hulle was soos skape sonder 'n herder – geen rigting, geen erkenning, geen ervaring van sukses in die lewe nie. Die mense se nood gryp Hom aan. Hy sien dié wat moeg is. Hy sien dat hulle hulleself nie kan help nie. En Hy antwoord met barmhartigheid. Hy kry hulle jammer. Dan bid Hy vir arbeiders, medewerkers in sy Koninkryk, om die groot oes in te bring. In die volgende hoofstuk stuur Hy sy twaalf dissipels uit met dieselfde mag en gesag om onrein geeste uit te dryf en elke soort siekte en kwaal gesond te maak.

En dan in hoofstuk 11 nooi Jesus almal wat uitgeput en oorlaai is, *"kom na My toe... en Ek sal julle rus gee."* Jóú emosionele nood raak ook Jesus se hart. Hoe nader jy aan Jesus lewe, hoe beter word jou oë om ander se nood raak te sien en hoe gewilliger raak jou hande om wonde te verbind, pyne weg te streel en emosionele ondersteuning te gee.

Eintlik loop hierdie boodskap soos 'n goue draad deur die evangelies – die nood van mense raak die hart van ons Here aan. Hy kan nie anders as om die nood op kreatiewe wyse te herstel nie. Hy is die Goeie Herder wat sy lewe aflê vir die skape, wat jou bring by waters waar daar vrede is. Hy gee nuwe krag. Hy ontvang jou soos 'n eregas en oorlaai jou met hartlikheid. Hy sit blydskap en vreugde terug in jou lewe.

**Gebed:** Here, dankie dat U my nood raaksien. Help my asseblief om raak te sien hoe en waar U besig is met mense. Help my om daar te wees vir hulle. Amen

Dag 27
Woensdag

# Om te gee maak gelukkig

## Handelinge 20:33-36

Dink 'n bietjie terug aan 'n keer toe jy onverwags 'n kosbare geskenk ontvang het. Die gevoel van opwinding en vreugde wat daarmee gepaard gaan, is dikwels aansteeklik. 'n Mens het dan gewoonlik die ervaring van, *"Ek is spesiaal", "Ek word waardeer", "Ek is iets werd", "Ek beteken vir iemand iets!"*
Die vertelling oor Paulus wat nog 'n laaste paar besoeke en afsprake inpas voor sy vertrek na Jerusalem, open vir ons 'n ander perspektief op geluk. Paulus sê dat daar iets is wat jou nog gelukkiger gaan maak as wanneer jy 'n groot verrassingsgeskenk ontvang. Hy sê dit maak 'n mens baie gelukkiger wanneer jy iets *weggee* as wanneer jy iets ontvang.
Die adres waarheen hierdie weggee moet gaan, is egter ook belangrik. Paulus het nie net baie hard met sy twee hande gewerk om homself en sy reisgeselskap te versorg nie, hy het so hard gewerk dat daar nog genoeg kon oorbly om die armes mee te help versorg.
Mense werk hard om verskillende redes: Om kop bo water te hou, om die kinders op universiteit te hou, of om jou lewenskwaliteit te verbeter en in stand te hou. En langs hierdie weg werk ons onsself stokflou. Wanneer jy net gefokus is op jou eie gerief en plekkie in die son, is jy gou 'n kandidaat vir uitbranding. Jy raak letterlik siek as gevolg van hoë bloeddruk, of van slegte spysvertering of van longkwale. Dit alles steel jou geluk, want jy is selde tevrede met jou eie pogings.
Jesus nooi jou om jou fokus te verskuif weg van jouself na diegene wat jou hulp en sorg nodig het. Gee jouself as 'n offer vir Jesus en vir ander. Stel jou vaardighede en finansies tot die Here se beskikking in diens van ander wat dit nodig het. Paulus sê, *"Werk hard sodat ons die armes kan help."* En onthou, Jesus sê: *"Om te gee, maak 'n mens gelukkiger!"*

**Gebed:** Heilige Vader, alles wat ek het, is U s'n. Help my asseblief om dit weg te gee, in u diens, want ek weet dan sal ek eers werklik gelukkig wees. Amen

Dag 28
Donderdag

# Barmhartigheid kom eerste

## Jakobus 2:8-9 & :12-13us 5:4

Ons het almal maar ons eie dingetjies wat vir ons belangrik is. Die dingetjies wat ons oor jare ingeoefen en deel van ons optrede gemaak het. Naderhand word hierdie dingetjies ook die maatstaf waarmee ons ander beoordeel. Jakobus verwys na hierdie dingetjies as die uiterlike waarop sommige mense ander beoordeel. So kom dit dan, dat ons 'n stel reëls en beginsels vir onsself opstel waarvolgens ons besluit met wie ons kontak gaan hê en met wie ons kontak gaan vermy. Jakobus sê sommer op 'n hele paar plekke in sy brief hoe belangrik dit is dat 'n mens se geloof deur jou dade, dus jou lewenstyl, bevestig moet word. Met lewenstyl bedoel hy dan optrede en gedrag wat voortvloei uit die wet wat die Here Self opgesom het as: *"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."* Jakobus verwys na dié liefdesgebod as die wet wat vrymaak.

Baie Christene kyk na mense en beoordeel hulle na hulle uiterlike voorkoms en gedrag sonder dat hulle enigsins belangstel om te wete te kom, wie daardie persoon is en uit watter omstandighede hy of sy kom. Wanneer ons so met mense omgaan, is daar gou-gou probleme. Mense kry seer, hulle voel verwerp. Hulle voel te na gekom. Jakobus beskou sulke optrede as onbarmhartig (vers 13) en veroordelend.

Maar waar barmhartigheid die fondasie is, neem veroordelende oë, ore, woorde en hande die wyk en maak dit plek vir omgee, begrip, aanvaarding en versorging. Niemand is dan te arm, te vuil, te ryk, te sleg, te goed, te hoog of te laag om barmhartigheid by jou te ontvang nie.

Want: Barmhartigheid triomfeer oor die oordeel. Dit skep ruimte vir aanvaarding, vryheid en 'n diepe vreugde by skenker en ontvanger.

**Gebed:** Here Jesus, dankie dat U my lewe aangeraak het met u groot barmhartigheid. Help my asseblief om onder alle omstandighede met barmhartige oë na alle mense te kyk. Amen

Dag 29
Vrydag

# Vergifnis is deel van die prentjie

Matteus 18:23-25

Die grootste daad van barmhartigheid wat jy kan betoon, is om so iemand te vergewe. Volgens Matteus 18:23-35 is dit die styl in God se koninkryk. Jesus vertel die gelykenis van 'n koning en 'n man wat hom miljoene geskuld het. Die koning wou hom saam met sy vrou en kinders as slawe verkoop om die skuld te betaal. Toe die man egter neerval en smeek om uitstel, het die koning hom jammer gekry en al sy skuld afgeskryf. Dit is hoe dit gedoen word in die Koninkryk van God!

Dit verklaar die koning se ontsteltenis toe hy moes hoor dat dieselfde man wat hy so barmhartig behandel het, nie 'n tikkie barmhartigheid getoon het aan iemand wat hom net 'n paar rand geskuld het nie. Hierdie keer was daar nie meer barmhartigheid nie. Die kwytskelding is teruggetrek en hy moes elke sent terugbetaal.

Vergifnis is die sleutel waarmee tronkdeure oopgesluit word. Dit bring seën, geluk, vir die skuldenaar sowel as vir die skuldeiser. As jy nie kan of wil vergewe nie, bly dit aan jou vreet soos 'n kanker. Dit verhinder jou om met die liefde van die Here teenoor diegene wat by jou in die skuld is, op te tree. Dit lei tot onvergenoegdheid, agterdog, die onvermoë om te vertrou en/of om barmhartig op te tree.

Jou onwilligheid om te vergewe hou ook die ander persoon vasgevang in sy/haar mislukkings. Dit steel enige kans op geluk wat die ander, of jyself, gehad het.

By Jesus hoor ons: Die basiese kern van 'n barmhartige hart- en leefstyl is vergifnis. Deur vergifnis maak jy die sluise oop vir die liefde om te vloei en genesing te bring vir stukkende harte en vreugde, blydskap en geluk te herstel.

**Gebed:** Here Jesus, vergeef ons asseblief ons oortredinge soos ons diegene vergewe wat teenoor ons oortree het. Amen

Dag 30
Saterdag

# Die fokus van barmhartigheid sluit almal in

Lukas 6:35-36

Daar is geen liefde so groot soos die liefde wat ons Hemelse Vader het vir sy hele skepping nie. ’n Mens sou dink dat sy liefde sou opdroog toe die mense Sy enigste Seun aan ’n kruis opgehang het, as vonnis vir ’n misdaad wat Hy nie eens gepleeg het nie. Inteendeel, dit was juis sy enorme liefde wat Hom laat kies het om hierdie daad van barmhartigheid te toon.

Al wat Hy in ruil vra, is dat jy Hom sal liefhê met alles in jou en jou naaste soos jouself. Dis hier waar Jesus se volgelinge hulle skerp onderskei van die Jodedom. Wat is die *“terms and conditions”* hier? Vir die Jode was hulle godsdiens nog altyd redelik eksklusief – geen onbesnedenes, geen heidene! So, wie is my naaste? Wie is ingesluit en wie is uitgesluit? Met groot geduld en liefde verduidelik die Here Jesus dan: *Wie My volg, tree op soos Ek optree. Wie My volg, is barmhartig soos Ek en my Vader barmhartig is* (vers 36).

Baie mense wil graag vir Jesus volg, maar dan op hulle eie terme en voorwaardes. Hulle sal goed doen, maar net aan diegene van wie hulle dieselfde behandeling kry. Hulle geld is te kosbaar, hulle sal dit net leen aan persone van wie hulle oortuig is (na deeglike ondersoek) dat hulle dit sal terugbetaal, plus ’n bietjie rente!

Dan sê Jesus as’t ware vir hulle dat dit glad nie so ingewikkeld is om Hom te volg as wat hulle dit maak nie. Dis maklik! Hy laat dit reën oor die goeies én die slegtes. Hy doen goed aan almal. Hy is barmhartig teenoor almal. Mense wat uitsoekerig is met hulle liefde vind geen vervulling nie, hulle word omring met ontevredenheid en onreg. Maar wie Jesus navolg in barmhartigheid sal gelukkig wees want hulle sal self ook barmhartigheid ontvang.

**Gebed:** Here Jesus, maak my asseblief barmhartig soos U barmhartig is, onvoorwaardelik en oorvloedig. Amen

# Geheim 6

# Gelukkig met 'n rein hart



- As jy die woord "integriteit" hoor, watter gedagtes kom by jou op?  Wat is die teenoorgestelde daarvan?

- Wat beteken dit vir jou om bekend te sou wees as iemand op wie se woord jy kan reken?

  Lekker besprekingsvrae!  Maar beweeg aan.





Gee geleentheid vir lof- en aanbiddingsliedere.  Loof en dank die Here ook in gebede.



Kyk die DVD-inleiding.
Lees Jakobus 3:13-18 saam;  eers hardop, dan sag.

13 Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan
moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat
van nederigheid en wysheid getuig. 14 Terwyl daar bittere
naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee
spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die
waarheid nie. 15 Dié soort wysheid kom nie van Bo nie,
maar is aards, sinlik, demonies, 16 want waar daar naywer
en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene
dade. 17 Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers
sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend,
inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte,
onpartydig, opreg. 18 Hierdie wysheid bring jou in die regte
verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te
maak.



1. Wat lê die Here op jou hart in dié gedeelte?
   Hoor mooi wat die Here vir elkeen sê.



2. Twee soorte wysheid word in dié gedeelte teenoor mekaar gestel. Kom ons kyk eers na die aardse wysheid. Wat is kenmerke daarvan? Verduidelik hoe jy dit verstaan:

   Kry sinonieme, woorde wat dieselfde betekenis het.

   :14 Naywer
   Selfsug

   :15 Aards
   Sinlik
   Demonies

   :16 *Weer* Naywer en
   Selfsug

3. Die ander een is die wysheid van Bo. Bespreek ook sý kenmerke:

   :13 Goeie gedrag, nederigheid en wysheid
   :17 Goddelik...
   :18 (Sy effek) Bring jou in die regte verhouding met God.
   Jy kan dit gebruik om vrede te maak.

4. Wat is die verhouding tussen wysheid, integriteit en 'n rein hart?

   Die rein hart is die oorsprong. Daaruit volg wysheid en integriteit.

5. Hoe kry mens 'n rein hart?

   Net die Here kan dit in jou skep. Lees Psalm 51:12.

Skryf hier 'n gebed neer wat jy graag vir die Here wil sê oor 'n rein hart.



6. Wat beteken die belofte: “want hulle sal God sien” vir jou?
   Eerstens, die ewige lewe.
   Tweedens, God raaksien in die lewe om jou.



“Integriteit is die grootste krisis van ons tyd.” Bid vir al ons mense; landspolitiek; huwelike; besighede; regstelsels; onderwys... en veral vir die kerk: geestelike leiers, ouers, doopbeloftes, vrywilligers, ensovoorts.

Dag 31
Maandag

# Om rein van hart te wees

Matteus 5:8

Rein van hart?
Die Griekse woord vir 'rein' hier is *'katharos'*. Dit beteken om 'skoon, onberispelik, vlekkeloos van skuld' te wees.
Die Griekse woord vir 'hart' hier is *'kardia'*. Dit kan van toepassing wees op die fisiese hart, maar dit verwys ook na die geestelike sentrum van die lewe. Dit is waar gedagtes, begeertes, doelgerigtheid, wil, verstand en karakter woon.
So, om suiwer van hart te wees beteken om onberispelik te wees in ons diepste wese. Om suiwer van hart te wees behels 'n opregtheid teenoor God. 'n Suiwer hart het geen skynheiligheid, geen bedrog, geen verskuilde motiewe nie. Die suiwer hart word gekenmerk deur deursigtigheid en 'n onwrikbare begeerte om God te behaag in alle dinge. Dit is meer as 'n eksterne reinheid van gedrag; dit is 'n interne suiwerheid van die siel.
Die enigste manier waarop ons werklik suiwer van hart kan wees, is om ons lewens aan Jesus te gee en Hom te vra om ons te reinig. God is dié Een wat ons harte suiwer maak deur die offer van Sy Seun en deur Sy heiligmakende werk in ons lewens.

**Gebed:** Here, reinig my, maak my skoon in my diepste wese, help my om rein van hart voor U en ander te wees. Amen

Dag 32
Dinsdag

# Reinig my, o God

Psalm 51:10

Psalm 51 is Dawid se noodkreet om deur God gereinig te word nadat hy owerspel met Batseba gepleeg het. Hy erken dat hy verkeerd was en vra onder andere vir vergifnis en dat God hom sal skoon was, witter as sneeu.
Dan in vers 10 vra hy: *"Skep vir my 'n rein hart, o God."* Amper asof hy vra: *'Vervang hierdie vuil hart met 'n nuwe skoon hart'.* Dis 'n opregte, deursigtige, onwrikbare gebed. 'n Gebed uit Dawid se diepste binneste.
Maar vra hy nie vir te veel nie? David was 'n slaaf van begeerte en mag. Hoe kan hy nou bid vir 'n suiwer hart? Is dit nie te laat nie? Nee! Kan hy weer gereinig word? Ja, God is in die hart *skoonmaak'* besigheid.
Voel jy asof jou sonde nie vergewe is nie? Jesus het vir jou sondes gesterf en Hy wil jou vergewe, maak nie saak wat jy gedoen het nie. Hy wil jou deur sy bloed skoon was.
In die tweede gedeelte van vers 10 vra Dawid vir 'n vaste gees. Dis 'n gees wat kan vasstaan teen versoekinge. Dawid wou nie weer dieselfde of soortgelyke dinge aanvang nie. Hy wou skoon bly.

**Gebed:** Vader, dankie vir u vergifnis, dankie dat U my skoonmaak van al my sonde. Skep vir my 'n rein hart, en gee my 'n vaste gees om versoekinge te weerstaan. Amen

Dag 33
Woensdag

# U is my bergvesting en my heilige plek

Psalm 24:3-4

In hierdie verse word 'n sekere soort mens beskryf. Ons as God se mense word nie onderskei deur ras nie, maar deur karakter. Daar is geen onderskeiding van kultuur, taal, ras of bevolking nie, maar enige een wat gereinig is, word toegelaat om God te ontmoet in sy heiligdom.
Dit is dié wat gereinig is en wat skoon gewas is wat met God kan kuier op sy 'berg'. Sulke mense praat nie valse praatjies nie. Hulle is nie bekommerd oor nietighede nie, maar verstaan wie Hy vir hulle is. 'n Ware verhouding met Hom kom uit die hart. Wanneer ons in ons harte besmet is, is ons heeltemal besmet. Ons hele wese is vuil voor die aangesig van die Here. Ons lewe word bepaal deur die innerlike mens; daarom moet ons van binne rein wees.
Mag God gee dat ons innerlike mens deur die heiligmakende Gees gereinig word, sodat ons heiligheid kan liefhê en sonde haat. Dié wat suiwer van hart is, sal God sien. Vuilheid in die hart gooi stof in die oë.

**Gebed:** Here, maak my rein sodat ek al die dae van my lewe by U kan wees, haal my fokus van valshede af en help my om my oë op U te vestig. Amen

Dag 34
Donderdag

# ’n Rein hart is ’n hart van integriteit

Nehemia

Vandag het alles ’n prys, en as die prys reg is, koop en verkoop ons. Maar integriteit gebore uit ’n rein hart kan vir geen geld ter wêreld gekoop word nie, dit kan ook nie vir enigiets geruil word nie, dit is deel van ’n mens se karakter.
Integriteit beteken dan om nie omgekoop te word deur ’n minder belangrike saak nie. Hoe maklik word ons nie omgekoop deur spot, vrees, iemand se woede of verwerping nie! Ons reageer daarop in plaas van op dit wat God wil hê ons moet doen en wees.
Nehemia is ’n goeie voorbeeld van ’n iemand met integriteit. In die boek van Nehemia lees ’n mens dat hy spot (2:19), verwerping (3:5), woede (4:1-3), vrees (4:8), geld (5:8,9) en tradisie (5:14,15) getrotseer sodat hy dit kon bereik waarvoor die Here hom geroep het. Hy was onwrikbaar.
Ons harte word gereeld besmet deur die omkopery van die wêreld, ons gee ons integriteit prys om net die situasie te beredder. ’n Rein hart vereis integriteit van ons; ’n rein hart vereis karakter. Mag ons hierdie waarheid diep in ons harte bêre.

**Gebed:** Here, help my vasstaan vir U, gee my integriteit, maak my onwrikbaar. Amen

Dag 35
Vrydag

# Heiligmaking

## 1 Petrus 1:15-16

’n Rein hart streef na heiligmaking en integriteit is die karaktereienskap wat daaruit vloei.
Die woord *‘heilig’* maak ons soms onseker, want ons weet nie altyd regtig wat dit beteken nie en dan belaai ons dit met allerhande betekenisse wat misverstaan kan word. *‘Heilig’* beteken wesenlik om afgesonder te wees van die wêreld en vir die Here. God roep ons nie om perfek te wees nie, maar om tussen sy wil en die wêreld te onderskei.
Hebreërs 10:10 sê ons is geheilig deur die offer van Jesus se liggaam, m.a.w. ons is afgesonder deur Hom. God is heilig en maak ons heilig deur Sy seun se offer. Dan verwag Hy van ons om ook heilig te leef, anders te leef as die wêreld. ’n Persoon met ’n rein hart strewe daarna om heilig te wees, omdat sy God heilig is. So ’n persoon het ’n goeie karakter en leef met integriteit. Ons wat afgesonder is deur Jesus leef anders as die wêreld.

**Gebed:** Dankie Here dat U my afgesonder het deur U Seun se offer. Help my om heilig te leef en om U uit ’n rein hart te verheerlik daardeur. Amen

Dag 36
Saterdag

# Hoe gaan dit diep binne-in jou hart? 1 Samuel 24:1-8

Hoe lyk dit daar diep binne-in jou waar net jy en God kan sien?

*Dawid spaar Saul se lewe*

Met sy mooi hart en gesindheid het Dawid die guns van die Here beleef. Hierdie stukkie geskiedenis van Dawid en Saul, waar Dawid versoek is om Saul se lewe te neem, en dit tog nie gedoen het nie, is 'n leersame verhaal.

Dawid het gevlug voor die jaloesie van Saul. Sonder Saul se medewete het hy in dieselfde grot as Dawid en sy manskappe beplan. Dit was dié ideale geleentheid vir Dawid om Saul dood te maak en so die koning te word. Hy het geweet dat die Israeliete hom van harte sal ondersteun, maar hy het ook gewéét dat hy nie die reg het om moord te pleeg nie.

Dawid se manskappe het hom egter aangepor: *"Doen dit! Maak hom dood, hy is jou vyand!"* Maar Dawid het só geredeneer: *"Saul is deur God daargestel, jy mag nie jou hand oplig teen iemand wat God geskep het nie, en boonop was Saul ook nog 'n gesalfde van die Here."* Vir Dawid was die geleentheid dáár om die nuwe gesalfde van die Here te word! Ek sien in my geestes-oog hoedat Dawid ook moes gedink het: "*Hoe wonderlik sal dit nie wees om nie meer te vlug nie maar as koning van Israel aan-gestel te wees!"*

Maar omdat Dawid naby aan die Here geleef en gedink het aan wat die Here se wil is, het hy die versoeking om hom dood te maak oorwin, maar eerder stilletjies 'n stukkie van sy konings-mantel gaan afsny. Selfs hieroor het sy gewete hom later gepla, om-dat dit nie reg was in die oë van die Here nie.

*Introspeksie:*

Pla dit jou ook wanneer jy iets verkeerds doen in die oë van die Here?

**Gebed:** Here Jesus, maak my hart rein, en laat my rein voor U lewe. Amen

# Geheim 7

# Gelukkige vredemakers!



- Konflik, rusie, baklei… Alles deel van ons samelewing, eie aan ons menswees. Noem voorbeelde:

- Daar is verskillende maniere om konflik te hanteer. Jy kan dit byvoorbeeld óf soos ’n beer hanteer wat aanval, óf soos ’n skilpad in jou dop inkruip. Watter een dink jy neig jý na toe en hoekom?
  Moenie te lank in hierdie lekker gespreksvrae vasval nie.



Sing tot eer van die Here! Loof Hom met liedere en gebede.


Ons gaan na twee kante van die vrede maak kyk:

- Om self vrede te soek waar jy in konflik betrokke geraak het.
- Om vrede te maak tussen strydende mense/partye, om ’n bemiddelaar te wees.



Kyk na die DVD, Iets wat jou tref daarin?

Lees Matteus 5:23 en 24



23 "As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou
daar byval dat jou broer iets teen jou het,
24 laat staan jou
gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou
broer en kom dan en bring jou gawe



1. Self vrede maak:
   - Wat is die effek as jy vanuit konflik met ’n wrok leef?
     Selfvernietiging: jy word ’n negatiewe, lelike mens. Psigosomatiese siekes. Versuurde verhoudings. Beleef niks meer van God nie.



- Hoe belangrik is versoening vir die Here?
  Moenie jou gawe bring as jou verhoudinge verkeerd is nie.
- Hoe doen mens dit? Wees prakties, waar het jy dit al beleef?
  Biddend. Nederig. Vredesoekend. Dalk saam met 'n bemiddelaar.

2. Versoening bring tussen strydendes.
   Lees weer Matteus 5:9

9 Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

- Jy weet van 'n rusie tussen mense. Hoekom wil jy nie graag betrokke raak nie?
  Ons is bang iemand sê: "Hou jou uit ons sake uit."
- "Vrede maak beteken jy moet 'n brug tussen mense wees. En 'n brug moet verwag daar gaan op hom getrap word." Bespreek dié stelling.
  Ek moet maar bereid wees om in die proses verontreg te word.
- Watter seën is daar in bemiddeling? Kyk ook na die belofte in :9.
  Ek word al meer soos my Vader. Hy het sy Seun gestuur ter wille van versoening.
- Hoe doen mens dit?
  Bid eers. Luister dan baie goed na alle kante. Herinner hulle aan Matt 18:21 – 35.



- Vra biddend vir die Here om vir jou te wys met wie jy vrede moet gaan maak. Doen dit sommer hierdie week nog.
- Dink aan mense wat jý weet tans konflik beleef. Bid vir hulle.
- Besluit wat jy kan doen om versoening te probeer bring.

Onthou: Ware versoening is nie blote wapenstilstand nie, dis 'n afskryf van skuld voor die kruis omdat jóú sonde vergewe is.

Dag 37
Maandag

# God bewerk vir ons vrede

Eksodus 14:14

Moses bevind homself in 'n baie ingewikkelde situasie. Die Israeliete is almal kwaad vir hom omdat hulle bang is vir Farao wat hulle lewens bedreig. Hulle vra onder andere vir Moses of daar nie genoeg grafte in Egipte was nie, en of dít die rede is dat hy hulle uit Egipte in die woestyn in gelei het. Maar Moses besef dat hy deur God gestuur is en dat die Here vir hulle 'n pad sal oopmaak. Daarom verseker hy hulle dat die Here vir hulle sal stry en dat hulle net stil moet wees.

Net daarna maak God vir hulle die pad in die Rooi see oop. Nooit weer sou hulle hoef bang te wees vir Farao en sy manskappe nie.

Daar kom tye in 'n mens se lewe waar jy gekonfronteer word met konfliksituasies en spanning. Ons grootste verlange is om vrede te kan hê. Dan moet ons onsself herinner dat ons 'n God van vrede dien. Deur dan in sy rus in te gaan, bewerkstellig Hy vrede in ons gemoed.

Die Saligsprekinge sê dat wanneer ons vredemakers is, ons kinders van God genoem sal word. As kinders van God moet ons ook ons afhanklikheid van ons Hemelse Vader besef. Ons moet Hom toelaat en tot Hom roep om vrede in ons lewens en in ons verhoudings te bewerkstellig.

**Gebed:** Here wees U asseblief die Vredemaker in my lewe. Maak vir my die pad oop waar daar nie 'n pad is nie en bring my vandag in u rus. Amen

Dag 38
Dinsdag

# Vredemakers

Matteus 5:9

Daar is ’n groot verskil tussen ’n vredebewaarder en ’n vredemaker. Om net die vrede te bewaar, is om stil te bly en genoeë te neem met wanneer dinge gebeur wat teen jou waardes is, ter wille van die vrede.
Om ’n vredemaker te wees, beteken om aktief betrokke te wees by ’n proses om vrede te bewerkstellig. Dus, wanneer ek vrede maak beteken dit partykeer dat ek juis ’n situasie van konflik moet betree om sodoende die vrede te bewerkstellig.
Vredemakers is soos brûe tussen mense en om ’n brug te kan wees, moet jy weet dat daar ’n prys te betaal is. ’n Brug moet gewig kan dra.
Ons sal kinders van God genoem word aangesien die Seun van God ook ’n vredemaker was. Met sy kruisdood het Hy vrede tussen ons en God bewerk en omdat Hy in ons leef, kan ons ook nou vredemakers wees waar ons onsself bevind.

**Gebed:** Here, help my om vandag nie net passief die vrede te wil bewaar nie, maar om ’n aktiewe vredemaker te wees, soos wat U ook ’n aktiewe vredemaker is. Amen

Dag 39
Woensdag

# Vrede in ons gesinne

Jesaja 54:13

Vir ons as Christenouers is dit baie belangrik om ons kinders te leer om vredemakers te wees. Die wêreld stel die voorbeeld van *"survival of the fittest"* – dat ons moet baklei vir wat ons s'n is. Ons sien dat dit klein kindertjies se basiese natuur is om gou te leer om *"myne"* te sê. Om selfsugtig te wees en om te veg vir hulle plekkie in die huisgesin.
Ons as ouers se grootste taak is om 'n voorbeeld te wees van hoe om vrede te maak en om ons kinders te leer hoe om in vrede konflik op te los: om nie op mekaar te skree nie en hoe om nie ons eie belange eerste te stel nie. Kinders leer empatie in die eerste 5 jaar van hul lewens en daarom is dit baie belangrik dat ons van kleins af daaraan aandag moet gee.

*Iets om te doen saam met jou kind:* Maak 'n wit vlag wat jy en jou kind opsit op 'n plek waar dit gesien kan word in die huis. Op die vlag verf julle die woord *"vredemakers".* 'n Kind se identiteit word gevorm in sy ouerhuis. Leer hom dat julle in julle gesin *"vredemakers"* is.

**Gebed:** Here, help my en my gesin om U voorbeeld te volg. Help my as ouer om in vrede met my eggenoot en my kinders te lewe. Amen

Dag 40
Donderdag

# Doelbewuste vrede

## Matteus 18:21-22 & 5:23-24

Partykeer voel dit vir ons asof om vrede te maak reg teen ons grein ingaan. Ons wroeg met die feit dat ons iemand moet vergewe of vrede moet bewerkstellig wanneer ons regtig eintlik baie kwaad is. Die Here is baie ernstig daaroor dat ons dié wat teen ons sondig moet vergewe en dan nog keer op keer ook. Soveel so dat Hy nie ons offergawe sal aanvaar indien daar nog iets is tussen ons en ons medemens nie.

Daarom moet ons ’n doelbewuste besluit neem vír vrede en vergifnis. Dit moet ’n besluit wees vanuit gehoorsaamheid. Hierdie selfde besluit sal die Vader eer en ons moet die Heilige Gees vra om elke dag ons harte te reinig van enige kwaad wat wortel mag geskiet het.

**Gebed:** Here, ek kies vandag om in vrede met my medemens te lewe, en omdat U my sondes vergewe, vergewe ek ook dié wat teenoor my gesondig het. Amen

Dag 41
Vrydag

# Vredevolle verhoudings

## Prediker 4:9-12

Om vredemakers te wees in ons intieme verhoudings beteken om mekaar te beskerm teen aanvalle. Om letterlik mekaar se rugkante toe te hou teen aanvalle van ander. As man en vrou is dit ’n hoë prioriteit om saam met die Here ’n driedubbele lyn te vorm sodat ons nie verbreek sal word wanneer ons aangeval word nie. Ons vorm ’n sterk span as ons in vrede saamstaan.

Introspeksie: Is jou huwelik en gesin ’n veilige ruimte waarin vrede woon? Of ’n gespanne wapenstilstand wat enige oomblik kan ontplof?

**Gebed:** Here, help my om my naaste mense so ver as moontlik te beskerm in tye van aanvalle en sodat ek vir hom of haar of hulle ’n veilige plek van vrede sal wees. Amen

Dag 42
Saterdag

# Die vrede wat God alleen gee

Filippense 4:7

Die resultaat van gebed wat met danksegging gepaard gaan, is dat God se vrede wat alle verstand te bowe gaan, oor ons hart en gedagtes die wag sal hou in Jesus Christus, skryf Paulus aan die gemeente in Filippi.
Daar is egter 'n hemelsbreë verskil tussen wat die wêreld as vrede bestempel en die aard en inhoud van die vrede wat God in menseharte bring. Die vrede wat God gee, is nooit net 'n wapenstilstand nie; dis 'n lewenshouding.
Ons kan hierdie vrede ook te midde van storms ervaar. Mense met God se vrede in hulle hart weet dat God in beheer is, maak nie saak wat gebeur nie. Hy wil net die beste vir hulle hê, en Hy is volkome in staat om vir hulle te sorg, ook al bly alles om hulle donker.
Wanneer Jesus aan sy dissipels sy vrede belowe, sê Hy: *" Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."* (Joh.14:27)

Jesus se vrede in jou lewe laat alle vrese die wyk neem. En hierdie vrede kan elke dag deel van jou lewe wees. Dit beteken dat jy deur God se oë na jou situasie sal kyk. Jesus wil vir jou sy vrede gee. Is jy bereid om dit vir jou toe te eien?

**Gebed:** Here Jesus, ek bid dat U vir my daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan in my hart en lewe sal gee. Maak my rustig omdat ek verseker is dat alles wat met my kan gebeur eers by U verby moet kom. Amen

# Geheim 8

## Gelukkig om vervolg te word



- Wat beteken die konsep "lyding" vir jou?

- Waar moes jy al ly omdat jy gedoen het wat reg is?
  Maak sommer net die gedagtes los.



Aanbid God met lofsang. Geniet die seën van sy teenwoordigheid in die liedere.



Kyk na die DVD.

Lees nou dié 2 gedeeltes saam.



Matteus 5:10-11 en Jakobus 1:2-4

Matt 5:10-11 10 Geseënd is dié wat vervolg word omdat
hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die
koninkryk van die hemel. 11 "Geseënd is julle wanneer die
mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik
al wat sleg is van julle sê.

Jakobus 1:2-4 2 My broers, julle moet baie bly wees
wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3 want, soos
julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit
julle in staat om te volhard. 4 En die volharding moet end-
uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid
kan kom, sonder enige tekortkoming.



1. Hoe onafwendbaar (seker) is dit dat Christene (navolgers van Jesus) vervolg sal word? Lees ook die volgende gedeeltes:
   Johannes 15:20 20 Onthou wat Ek vir julle gesê het:
   'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle



My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s'n ook ter harte neem.

Handelinge 14:22 [22] Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. "Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom," het hulle gesê.

2 Timoteus 3:12 [12] Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word.

Die tekse is baie duidelik. Gee geleentheid vir opinies.

2. Op watter maniere word Christene in ons tyd vervolg? Gee voorbeelde. Dink julle dit word erger?
   Daar is tans verskiriklike, aktiewe vervolging. Veral ISIS en Al-Shabab. Dan is daar subtiele spot, uitsluiting, vernedering, diskriminasie.

3. In Matteus 5:10 en 11 word 2 redes gegee hoekom ons vervolg sal word. Wat is hulle?
   :10 As ons doen wat reg is.
   (Die Amplified Bible sê: *For being and doing right.*)
   :11 Ter wille van Jesus.

   Hoekom (dink julle) is toegewyde gelowiges so 'n aanstoot vir goddelose mense?
   Ons is dikwels hulle gewete.



4. Vervolging kan ook as beproewing beleef word. Wat kan die doel van beproewing wees volgens Jakobus 1:2-4?
Geestelike verryking.

Hoe dink jy werk dit?
Ek begin groei uit my seer.

Kan jy vertel waar jy al iets hiervan beleef het? (Onthou, Rick Warren het gesê: *God stel meer belang in ons karakter as in ons gemak*.)
Getuienisgeleentheid.

5. Lyding kan dus groei vir ons beteken. Watter verskil maak hierdie besef aan 'n mens as jy lyding moet hanteer? Lees ook 1 Petrus 4:12-14 hieroor.

12 Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef
waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets
vreemds wat met julle gebeur nie. 13 Wees liewer
bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel,
want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy
wederkoms in heerlikheid. 14 Geseënd is julle wanneer
julle beledig word ter wille van die Naam van Christus.
Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlikheid
behoort, die Gees van God, op julle bly.



- Bid vir Christene wat vervolg word. Op baie plekke in Afrika en in die Midde-Ooste verloor talle Christene hulle lewens in wrede, onmenslike vervolging vir Jesus.
- Bid vir mekaar. Dat ons 'n Jesusgesindheid te midde van vervolging sal hê. Dat ons sal groei. En dat ons bly en vol vreugde sal wees (Matteus 5:12) omdat ons verder as hierdie lewe kyk. Kom ons help mekaar as iemand onder ons swaarkry!

Dag 43
Maandag

# Vervolg vir die waarheid

## Handelinge 7:54-60

Stefanus was hier in die proses om gestenig te word. Net voor dit was hy voor die hof met die opsie om sy geloof te verloën en sonder straf vrygelaat te word. Tog gebruik hy hierdie geleentheid om te getuig.
Tydens sy steniging sien hy wat min ander al gesien het: Hy sien die heerlikheid van God en Jesus wat aan die regterhand van God staan. In die laaste oomblikke van sy lewe smeek hy nie die stenigers om te stop nie, maar hy getuig; meer as dit, hy gaan sover dat hy, soos Christus aan die kruis, vergifnis vra vir die mense wat hom doodmaak. Stefanus loop letterlik dieselfde pad as Jesus.
Hy vertrou God en daarom kan hy met God se vrede sterf.
Wanneer ons God vertrou, sal Hy ons dra. Selfs al neem Hy ons nie uit die situasie nie, sal Hy by ons wees, ons pyn op Hom neem en sal ons sy vreugde ervaar; selfs wanneer dit ons dood beteken.

**Gebed:** Here, lei my vandag om U te vertrou, om nie wanneer dit moeilik gaan, te twyfel nie, maar om vas te hou aan U tot op die laaste oomblik van my lewe. Amen

Dag 44
Dinsdag

# Vervolg uit eie kring

## Jeremia 1:4 & :10 en 20:1-2 en 38:6

’n Mens kan dit nog hanteer wanneer vreemdelinge of ongelowiges nie na jou wil luister nie, of jou wil wegjaag wanneer jy die evangelie verkondig.
Dit is wel ietwat moeiliker wanneer dit iemand in jou eie gesin of kerk is. Jeremia het hierdie vorm van vervolging beleef. Hy was die seun van ’n priester wat van jongs af God se roeping ervaar het. God het hom as ’n profeet van die nasies aangestel en vir hom sy opdrag gegee.
Gehoorsaam aan sy roeping begin Jeremia profeteer, maar die boodskap is onpopulêr en word deur die koning, sy landsgenote en die priesterdom verwerp. Die gevolg daarvan is dat hy deur die priesters geslaan en in hegtenis geneem word.
Jeremia se reaksie hierop wys ons hoe om hierdie vorm van vervolging te hanteer. Hy staan nie terug van dit wat hy glo nie, hy bly lief vir dié wat hom vervolg, hy huil oor hulle wangedrag voor God. Hy toon geen bitterheid nie.
Ons moet leer om soos Jeremia te vergeef en aan te hou om lief te hê en te bid, ook vir die mense wat ons uit ons binnekring vervolg.

**Gebed:** Jesus, help ons om ons seëninge te tel wanneer ’n mens vir wie ons lief is, ons verwerp, oor ons lieg en ons afkraak. Help ons om vir hulle te bid en om vir hulle lief te wees. Amen

Dag 45
Woensdag

# Weduwee en korrupte regter

Lukas 18:1-8

Wanneer die lewe vir ons moeilik raak, kan ons maklik depressief word. Ons begin wonder of God regtig omgee wanneer ons om hulp bid.
Hierdie gelykenis verduidelik dat God nie soos die skelm regter is nie. As selfs die korrupste regter ingee wanneer die weduwee aanhoudend by hom kla, hoeveel te meer moet ons aanhou bid as God – wat die goeie Regter is – oënskynlik nie ons gebede beantwoord nie?
Die weduwee simboliseer almal wat kwesbaar, arm en sonder mag is. Haar enigste bate is haar vermoë om hardkoppig aan te hou. Ons moet aanhou bid, nie omdat God oortuig moet word nie, maar omdat ons glo dat Hy op die regte tyd sal antwoord. Hierdie gebede behoort ons geloof te versterk, nie 'n teken te wees van hoe desperaat ons voel nie.
Jesus vra dan hoeveel van hierdie tipe geloof daar sal wees wanneer Hy terugkeer na die aarde toe. Ons kyk na Hom vir hulp. Hy kán en wíl ons help.

**Gebed:** Liewe Heer, ek is jammer dat ek in U twyfel wanneer ek mismoedig voel. Ek wil as Christen meer volwasse wees en meer op U vertrou sodat u Naam verheerlik mag word en ek ware vrede mag ervaar. Amen

Dag 46
Donderdag

# Reaksie op vervolging

## Handelinge 16:16-31

Indien ons behandel sou word soos wat met Paulus en Silas in Filippi gebeur het, sou ons waarskynlik iewers gaan sit en onsself bejammer het. Tog het hulle in daardie omstandighede verkies om te sing: om die Here te prys met sang en gebed.
Hulle was so met hulle geloof en hulle sendingopdrag deurdrenk dat hulle geglo het die vervolging is 'n eer, en hulle reaksie daarop was lof aan God. Hulle het dit hardop gedoen sodat die evangelie selfs in die tronk versprei kon word. Hulle het geweet dat dit nie saak maak wat die omstandighede is nie, hulle móét God loof.
Die Bybel vertel ons dat God van aanbidding hou en dat Hy reageer wanneer ons Hom eerlik aanbid. Ons hoef nie in die kerk te wees om Hom te aanbid nie. Om God te loof behoort ons leefstyl onder alle omstandighede te wees, veral wanneer mense op ons neerkyk as gevolg van ons geloof. Jesus verander nie, Hy is die Koning van konings en lofwaardig in alle omstandighede.

**Gebed:** Liewe Heer help my om elke dag meer en meer te besef dat U bo enige omstandighede is, selfs dié wat my intimideer. Ek wil u Naam altyd loof, Here Jesus, maak nie saak wat gebeur nie. Amen

Dag 47
Vrydag

# God se beskerming

## Daniël 6

Elke keer wanneer ons 'n getuienis hoor van God se wonderbaarlike reddingsmag, staan ons verstom en loof ons Hom.
Die verhaal van Daniël se oorlewing nadat hy 'n aand saam met honger leeus deurgebring het, is só 'n getuienis. Dit versterk ons geloof en bemoedig ons omdat ons weet God is steeds in beheer en dat Hy vir ons kan, wil en gáán sorg.
Koning Darius het baie van Daniël gehou en het hom vir sy integriteit en uitnemende vermoëns geprys. Hy was op die punt om hom tweede in bevel van die ryk van die Mediërs en die Perse te maak.
Die ander raadgewers was jaloers, maar omdat Daniël niks gedoen het wat hulle teen hom kon hou nie, het hulle 'n plan beraam om juis sy geloof teen hom te gebruik. Dit het voorgekom asof hulle plan suksesvol was. Tog het Daniël die regte pad geloop en God vertrou en God het die situasie in sy guns omgedraai.
Ons kan met dieselfde vyandigheid gekonfronteer word indien ons staan vir wat reg is en God ons voorspoedig maak. Wanneer ons weier om kompromieë aan te gaan of korrupsie toe te laat, mag ons ook vervolging ervaar.
Leer uit Daniël se voorbeeld en hou aan om met integriteit te leef – selfs al word jy valslik beskuldig of al tree mense onregverdig teen jou op. Vertrou op God om jou te beskerm, te bevry en te verdedig.

**Gebed:** Hemelse Vader, dankie dat ek U kan vertrou al word ek verafsku, al word ek vals beskuldig of word daar teen my gediskrimineer. Dankie dat ek kan vertrou dat U die weg vir my sal voorberei. In Jesus se wonderlike Naam. Amen

Dag 48
Saterdag

# Onwankelbare geloof

## Daniël 3

Sadrag, Mesag en Abednego was Joodse jongmans wat gevange geneem is en deur die koning, Nebukadneser, na Babilon weggevoer is.
Hierdie jongmans het vasgestaan in hulle geloof en geweier om enige onrein voedsel te eet. Hulle het God bly aanbid, selfs al het die landswet dit verbied. Hulle het vasgestaan in wat hulle geglo het, al kon dit hul dood beteken. Hulle het die koning met respek hanteer selfs al wou hulle hom nie aanbid nie. Hulle het geglo dat God hulle sal bewaar, maar was bereid om die prys te betaal indien Hy dit nie sou doen nie.
Dit is onwrikbare geloof. God het hulle op 'n wonderbaarlike manier gered. In hulle beproewing was God by hulle. Hy het hulle bygestaan en hulle bevry. 'n Mens kon nie eens die rook aan hulle klere ruik nadat God hulle uit die vuur gered het nie.
Wat het toe gebeur? Nebukadneser het God geprys en beveel dat niemand iets teen die God van Israel mag sê nie, want daar is geen ander god wat in staat is om enige iemand so te red nie. Hulle het die toets van vervolging oorleef en is geseën in alle aspekte van hulle lewens.

**Gebed:** Liewe Heer, wanneer ek vir my geloof in U, vas bly staan, help my om duidelik te praat, om met respek op te tree en om nie terug te deins nie. Help my om onwrikbare geloof in U te hê al is die uitkoms nie wat ek graag sou wou hê nie. Heer, U is my Beskermer en my Verlosser, ek vertrou volkome op U o Heer. Amen

NG GEMEENTE

WITRIVIER | OASE van JESUSLIEFDE